IV Op Die Vooraand Van Die Groot Trek

„The present is a momentous crisis, not only for this frontier, but for the colony at large. Hence it behoves each one concerned to exert himself to the uttermost to defend his most sacred rights, his dearest connections, against the assaults of his enemies, – whatever garb they may assume, and under whatever pretence they may place themselves in array against him."
R. Godlonton, *Introductory Remarks to a Narrative of the Irruption of the Kafir Hordes into the Eastern Province of the Cape of Good Hope, A.D. 1834–35,* I, Grahamstad, 1835, uit die „Advertisement", Grahamstad, 6 Junie 1835.

Die onderlinge verhouding van die heterogene gemeenskappe in Suidelike Afrika was op die vooraand van die Groot Trek buitengewoon gekompliseerd. Die oudste golf van Wes-Europese koloniste, die Blanke Afrikaners, reeds 180 jaar lank in die land gevestig, was ook die wydste versprei en het 'n eie taal en onderlinge samehorigheidsgevoel ontwikkel.[1] Die Britse Setlaars, die jongste bevolkingsgolf, was nog nie vyftien jaar in die land nie en feitlik uitsluitlik in die suidoostelike grensdistrik Albanie en die aangrensende stad Port Elizabeth gevestig.[2] Heelwat van die vroeëre Engelssprekende immigrante was in die Kaapse Skiereiland en sy onmiddellike omgewing gekonsentreer. Die Nie-Blanke gemeenskappe in Suid-Afrika was nog veel meer uiteenlopend. Die slawe, ingevoer by uitstek uit Asiatiese en Sentraal-Afrikaanse geweste, was hoofsaaklik in die westelike distrikte woonagtig. Die feitlik geheel en al ontstamde Hottentotte was vinnig besig om as verskillende tipes Gekleurdes in die Blanke koloniale gemeenskap ingeskakel te word: hul taal was 'n gebroke Hollands, hul name Hollands, hulle was besig om die Christelike godsdiens aan te neem, en hul gewoontes en gebruike was soos dié van die agterlike Blankes.[3] Die

1. M. C. E. van Schoor, *Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie en sy Ontluiking in Transgariep tot 1854* (in Arg.-jrb. vir S.A. Gesk., 26ste jrg., II, 1963), Hoofstukke 1 en 2; D. J. Kotzé, *Nasionalisme, 'n Vergelykende Studie,* deel 1 van *Nasionalisme as Historiese Faktor,* Kaapstad, 1969, Hoofstuk 2; D. J. Kotzé, *Positiewe Nasionalisme,* Kaapstad, 1968, pp. 20–33; J. du P. Scholtz, *Die Afrikaner en sy Taal, 1806–1875,* 2de uitgawe, Kaapstad ens., 1965, pp. 3–78. Die presiese mate waarin Nasionalisme reeds onder die Afrikaners posgevat het, kan met vrug verder ondersoek word. Vir 'n kort bespreking hiervan, kyk Hoofstuk VI hieronder.
2. Vgl. I. E. Edwards, *The 1820 Settlers in South Africa,* Londen ens., 1934, en H. E. Hockly, *The Story of the British Settlers of 1820 in South Africa,* Kaapstad, 1948. Onder die nuwere, gespesialiseerde werke tel E. Morse Jones, *Roll of the British Settlers in South Africa,* Part 1, up to 1826, Kaapstad, 1971, en A. E. Makin, *The 1820 Settlers of Salem,* Wynberg, 1971. Behalwe vir die Moodie-Setlaars van 1817 het daar voor 1820 slegs sporadiese Britse immigrasie plaasgevind.
3. Sedert J. S. Marais se algemene oorsig, *The Cape Coloured People, 1652–1937,* Lon-

oorweldigende meerderheid van die Bantoe is deur die Kaapse koloniste as bedreigers van die koloniale Oosgrens beskou; slegs 'n proporsionele klein aantal van hulle het hul reeds permanent binnekant die Kolonie gevestig, hetsy selfstandig, hetsy in diens van Blankes. Nietemin was daar baie duisende van hulle in die Oosgrensdistrikte gevestig.[4] Die jagtersvolk, die Boesmans, het hulle weer op of oor die dorre noordgrens in klein groepe opgehou, dikwels as geharde buiters van die vee van alle pastorale groepe; maar enkeles het tog onder Blanke beheer begin kom. Die wild waarvan hulle hoofsaaklik gelewe het, is nou deur talle ander jagters doodgeskiet en verdryf.

Buitekant die Kolonie, in die destyds skynbaar onmeetlike ruimtes van Suidelike Afrika, was die toestand ook besonder ingewikkeld; en daaroor is minder betroubare inligting beskikbaar. Dáár was gevestig wyd verskillende en wyd verspreide groepe Nie-Blankes, wat gewoonlik vyandig teenoor hul bure ingestel was, soos reeds in vorige hoofstukke aangetoon. In mindere of meerdere mate het feitlik almal reeds onder Wes-Europese invloed verkeer – selfs die magtige despotiese veroweraars, Dingane en Moselikatse. 'n Groot verskeidenheid sendinggenootskappe (soos reeds tevore in die Kolonie) het 'n vroeë begin gemaak om hulle te kersten en Westerse deugde aan te leer; handelaars, jagters en ander pioniers het, benewens ander gesogte Westerse handelsware, by uitstek vuurwapens en buskruit aan die inboorlinge verruil, vir ivoor, huide en velle; en in die proses soms Westerse ondeugde aan hulle besorg.[5] Klein getalle Griekwas, Gekleurdes en Basters het geruime tyd reeds noordwaarts te perd en met vuurwapens dood en verwoesting gesaai onder inboorlinge bewapen slegs met pyl en boog, assegaai en strydbyl. So 'n hoë premie is op die superieure Blanke vuurwapens geplaas dat die beste pogings deur die Britse owerheid om die onwettige ruilhandel daarin te beëindig, misluk het.[6] Blanke Trekboere het reeds betreklik hoog op in die Transoranje op ruim gronde gestaan. Ter wille van beter en meer weiveld het baie van hierdie Afrikaanssprekende grensboere hulle tydelik, en soms ook byna permanent, buitekant die koloniale grense begeef. Die staatkundige en kerklike bande met die Kolonie het hulle tog erken en onderhou deur belastings te kom betaal en die sakramente te ontvang.[7] Naas die ongemagtigde Afrikaanse boere-uitbreiding oor die noordoosgrens van die Kolonie, was daar 'n beperkte Engelssprekende hande-

den, 1939, wat hoofsaaklik op gedrukte bronne gebaseer is, kort ons 'n omvattende studie oor die vroeë ontwikkelingsgang van die Gekleurdes. 'n Gedetailleerde studie oor een aspek deur J. de Villiers in sy *Hottentot-Regimente aan die Kaap 1781–1806* (ongep. M.A.-verh., Univ. van Stellenbosch, 1969), toon op interessante wyse aan hoeveel terrein braak lê. Vgl. bv. die naamlyste op pp. 294–299 en 301.

4. Vgl. die laaste gedeelte van Hoofstuk III hierbo.
5. Muller, *Britse Owerheid*, pp. 32 en 45.
6. G.H. 19/4: Verklarings deur Antonie Aries, Uithaalder en Petrus Smith, gedateer 2 Des. 1835; C.O. 291: no. 21, J. Melvill aan R. Plasket, gedateer 5 Julie 1826.
7. P. J. van der Merwe, *Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770–1842)*, pp. 208–290. Kyk ook Hoofstuk VII hieronder.

laars- en jagtersuitbreiding oor see en oor land na Port Natal, 'n relatiewe oop kol agter die Xhosa-grensgebied en voor die eintlike Zoeloeryk. Die paar dosyn Blankes wat hulle hier gevestig het, het as Blanke inboorlinghoofde met inboorlingvroue onder vlugtelinge van Shaka en Dingane gelewe, eerder as om 'n aparte gemeenskap soos dié van die Afrikaanse Trekboere in te rig.[8] Tussen Afrikaanssprekende Blankes en Nie-Blankes soos Hottentotte en slawe het bloedvermenging wel binne sowel as buite die Kolonie voorgekom, in stedelike gemeenskappe en op die platteland, maar nie op 'n uitgebreide skaal nie. Die reeds vermelde Coenraad de Buys, wat verskeie Nie-Blanke vroue gehad het, is die bekendste van 'n aantal grensboer-voorbeelde. Alhoewel 'n kleurgevoel nou reeds wyd en sterk onder die Afrikaners posgevat het, word daar ook op die platteland gemengde huwelike aangetref.[9]

Oor die heterogene gemeenskappe in die Kaapkolonie het die Britse koloniale administrasie direk of indirek beheer uitgeoefen, en dus tot hul vorming bygedra. In 'n mate was dit ook waar van die verspreide gemeenskappe buite die koloniale grense. Die Imperiale faktor was beslis 'n element wat die aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe help bepaal het. Primêr was die Britse koloniale beleid daarop toegespits om sy strategiese mariene en handelsteunpunte in Tafel-, Simons- en Algoabaai behoorlik te beskerm. Volgens sy insig het die koloniale grense reeds veels te ver in die binnelande gelê.[10] Die baie groot afstand na die noordoostelike en oostelike grensdistrikte, met slegs 'n beperkte aantal amptenare en swak troepemagte om hulle te beheer en te verdedig, het die Britse regering in 'n verleentheid gebring. Dat die Britse regering sy prestige daar ver weg wou handhaaf en onder steeds toenemende filantropiese druk ook alle klasse Nie-Blankes teen moontlike veronregting en onderdrukking deur Blankes wou beskerm, het sy verleentheid aansienlik laat toeneem. Terwyl sterk pressiegroepe uit die geledere van sendeling-filantrope sowel in Brittanje as in Suid-Afrika op 'n doeltreffende beskerming van ingeboekte slawe, die koloniale Hottentotte en Gekleurdes aangedring het en dringend gevra het dat die Boesmans en die Xhosas teen die Boerekommando's se geweld beskerm moes word, het invloedryke kringe in die Britse koloniale administrasie die besteding van geld in die afgeleë, onproduktiewe Suid-Afrikaanse binnelande teengestaan. So sterk was hierdie weerstand dat ook die aandrang

8. Naas die ouere G. Mackeurtan se *The Cradle Days of Natal (1497–1845)*, Londen, 1930, gee mev. Janie Malherbe in *Port Natal*, Kaapstad, 1965, 'n nuwe relaas en beklemtoon dat daar onder die eerste Blankes te Port Natal in 1824 'n hele paar Afrikaanssprekendes was, o.a. J. P. Hoffman, die latere Vrystaatse president (pp. 13–18).
9. Vgl. J. A. Heese, *Die Herkoms van die Afrikaner 1657–1867*, Kaapstad, 1971, pp. 25 vlg. en 171 vlg. Eerw. Shrewsbury skryf op 12 Julie 1827 uit Butterworth oor die lewe van Klap Lochenberg, wat 'n soortgelyke loopbaan as Coenraad de Buys sou gehad het (*Report of the Wesleyan-Methodist Society*, 1827, Londen, pp. 44–45). 'n Belangrike, maar sensitiewe, terrein lê hier braak vir verdere navorsing.
10. Vir sir James Stephen se treffende nota van 31 Januarie 1842 kyk C.O. 48/214, aangehaal deur Hall, *The Colonial Office*, pp. 171–172.

van handelskringe op meer hulp en meer beskerming van *hulle* bedrywighede nie veel verrig het nie.[11]

Nieteenstaande 'n volgehoue verset teen die verdere uitbreiding van die reeds afgeleë en dunbevolkte grensdistrikte, is die Britse regering in die vroeë jare dertig tog – soos ook elders in sy wêreldryk – ingetrek in sy aangrensende gebiede. Hy kon ook nie anders nie, want sy Blanke onderdane het steeds 'n lewendige belangstelling getoon in die meeste ekstra-koloniale streke van Suidoos-Afrika. Waar ekstra-koloniale Nie-Blankes ook 'n lewendiger belangstelling in koloniale streke getoon het, is die grenssone steeds verder verbreed. In 'n drieledige, min of meer ewewydige, lyn van opmars het sendelinge van baie genootskappe noordoos beweeg en 'n lyn van stasies aangelê ter voorbereiding op die stigting van verdere stasies. Die mees westelike speerpunt het oor die Griekwas en Betsjoeanas by die Matebeles uitgekom; die middelste, breëre golf het Moshesh en sy bure bereik; terwyl die oostelike speerpunt deur die Xhosas na Port Natal en die Zoeloes gemik was. Met die stasies as steunpunte het sendelinge, en saam met hulle handelaars, jagters en ontdekkingsreisigers, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal en Natal verder binnegedring.[12]

By tye het dit geskyn asof die veiligheid van sy swak verdedigde grensgebiede deur sterk oorlogsugtige stamme bedreig en oorrompel kon word. Vandaar dat vuurwapens en ammunisie nie alleen aan goedgekeurde Blankes oorkant die grense toegelaat is nie, maar ook aan vriendskaplik gesinde, half beskaafde Griekwas verskaf is, tesame met 'n subsidie om die orde en vrede in hul buffergebiede te bewaar. Daar is getrag om die Trekboere in die Transoranje te beheer deur hulle gereeld terug te roep en planne te beraam om misdade deur Britse onderdane oorkant die koloniale grense gepleeg in koloniale howe te straf.[13] In die praktyk was daar reeds 'n streek oorkant die grense waar Brittanje indirek gesag begin uitoefen het en waarheen hy nie Blankes oor wie se optrede hy bedenkinge gekoester het, wou toelaat om te gaan nie. Met die vuurwapens wat hulle noodwendig moes saamneem, kon hulle te veel moeilikheid daar veroorsaak. Omdat die Kaapse grensdistrikte te uitgestrek was vir die te klein groepie amptenare en polisie, en die te klein getal soldate, was daar egter heelwat ontwyking van alle soorte grensbeheermaatreëls. Selfs groot

11. Die tema word uitvoerig ontleed deur J. S. Galbraith, *Reluctant Empire*, en Muller, *Britse Owerheid*.
12. Nadat J. du Plessis sy pionierswerk *A History of the Christian Missions in South Africa*, Londen, 1911, en K. S. Latourette sy monumentale *A History of the expansion of Christianity*, deel IV, New York, 1941, die lig laat sien het, is dié tema nie weer omvattend behandel nie. Vir die talle aspekte waaroor wel gepubliseer is, vgl. my Literatuur- en Bronnelys, I (ii).
13. De Kiewiet, *British Colonial Policy and the S.A. Republics*, p. 11 vlg. Sedert 1829 is reeds aandag gegee aan die noordelike ekstraterritoriale jurisdiksie van die Britse owerheid. Vgl. C.O. 48/132: Cape of Good Hope, Corresp., 1829, no. 863, Stephen aan Hay, 20 Feb. 1829, met nota (P.R.O.). Uiteindelik lei dit tot die aanname van die sogenaamde „Cape of Good Hope Punishment Act" van 1836.

voorrade wapens en ammunisie is onwettig die grense oorgeneem.[14] Die Kaapkolonie op die vooraand van die Groot Trek word daardeur gekenmerk dat dit, nieteenstaande alle regeringsmaatreëls om dit te verhoed, reeds uit sy nate gebars het. Radikale veranderings was besig om die hele Suidelike Afrika te transformeer. Nie slegs het Blankes uit die Kolonie beweeg nie, maar duisende Nie-Blankes het ook die Kolonie ingestroom.

Groei word op baie terreine aangetref; groei, egter, sonder veel beplanning en beheer van owerheidsweë. Soos reeds aangetoon, het die aangaan van aanmerklike uitgawes nie gestrook met owerheidsbeleid t.o.v. die Suid-Afrikaanse binnelande nie. Energie kom soms onbeheers tot uiting en 'n verspilling van kragte, en frustrasie, volg. In die laaste jare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was die mislukking van owerheidsbeheer in die praktyk reeds 'n voldonge feit. 'n Rukkie in 1795 skyn dit asof opstand teen die owerheid sou slaag. Daarna word bykans vier dekades die sterkste manifestasie van rebellie deur die Britse militêre en mariene oormag gedemp. Met die verdwyning van lord Charles Somerset se outokrasie word die demper egter van baie soorte van private koloniale bedrywighede opgelig.[15]

Op die vooraand van die Groot Trek is owerheidsbeheer oor die Kolonie in die praktyk nie meer geslaag nie. Meer beperkende wetgewing, bv. om die Blanke diensheer aan bande te lê, word aangeneem, maar middels om dié wet-

14. Vgl. o.a. L.G. 527: J. A. Vorster aan Stockenstrom, Sterrenbergspruit, 30 Okt. 1837, p. 11; L.G. 525: no. 158, memorie van S. Marcus aan Stockenstrom, Grahamstad, 10 Mei 1837, met verslag deur resident-magistraat Campbell, 6 Julie 1837, p. 147 vlg.; G.H. 19/4: verklarings deur Antonie Aries ('n onderdaan van Griekwahoof Waterboer), Uithaalder ('n onderdaan van Cornelis Kok), en Petrus Smith ('n „Slave Bastard"), oor wapenhandel gedryf deur F. Weylbagh onder Korannas, Griekwas en Bantoe oorkant die Oranje- en die Vaalrivier 'n jaar of twee tevore. Al drie verklarings is gedateer Black River, 2 Des. 1835. Reeds op 6 Mei 1829 word uit die distrik Graaff-Reinet aan regeringsekr. Bell berig dat heelwat buskruit, lood en nuwe gewere oor Allemansdrif deur Basters gesmokkel word. Skynbaar versterk die wapens die mag van die Bergenaarkaptein Barend Barends. Van sy volgelinge, genaamd Jan Pienaar, David Bergover, Magers Jonker en Piet David, sou bv. in Grahamstad 249 lb. buskruit, 499 lb. lood en 8 nuwe gewere gekoop het en dit die hele pad noordwaarts gesmokkel het (kyk C.O. 2715: no. 75). Nog vroeër het regeringsagent J. Melvill aan sir R. Plasket uit Griekwastad op 5 Julie 1826 gerapporteer dat, terwyl hy voorheen verwag het dat 'n beskawende invloed van handelaars daar sou uitgaan, die ondervinding nou leer „that this free access into the Interior is attended with such pernicious effects as were not anticipated". Die smokkelhandel van smouse kan later die vrede op die koloniale grense verstoor. „I do not think there has been a single Hawker in these parts," gaan hy voort, „who has not sold Guns or ammunition either to the Griquas or Bechuanas." Waar laasgenoemdes tevore krale as ruilmedium aanvaar het, word krale van onlangs af geweier „and nothing else but Guns and ammunition will be taken in exchange for their articles of Trade" (vgl. C.O. 291: no. 21). Oor die omvang van die wapenhandel uit Grahamstad na Xhosaland, kyk L.G. 374: H. C. Selby aan Hudson, 14 Maart 1839, pp. 81–97.

15. Kyk A. K. Millar, *Plantagenet in South Africa: Lord Charles Somerset,* Kaapstad ens., 1965.

te uit te voer, bly ondoeltreffend. Van ampsweë word Engelstaligheid bv. neergelê. Veldkornette en veldkommandante besig noodgedwonge Hollands omdat hulle nie voldoende Engels ken nie; en hulle Hollandstaligheid moet weer noodgedwonge so aanvaar word, want anders sou die ganse raamwerk van die plaaslike bestuur in duie stort.[16] Terwyl die verpligtinge van amptenare steeds groter word, trek die salarisse wat aangebied word nie genoeg van die regte tipe amptenaar om die verpligtinge na te kom nie.[17] Wanneer dringend aangevra, word akkurate inligting nie met die nodige spoed aan die owerheid gelewer nie.[18] Daar is 'n wyer wordende gaping tussen die hoër beamptes wat

16. Kyk o.a. G.H. 23/13: Desp. Bk., 1840–1842, conf., Napier aan Russell, 8 Sept. 1814, p. 252. Buitekant Albanie en die Kaapse Skiereiland was daar min veldkornette en ander burgerampsdraers wat Engels goed beheer het. Belangrike kennisgewings moes dus in Hollands aan hulle gestuur word. Hul vernaamste briewe moes vertaal word, soms deur die beampte wat die briewe ontvang het. Passe aan Nie-Blankes uitgereik moes liefs in Hollands gedruk word; anders sou die boere wat die arbeiders in diens neem, nie die voorwaardes begryp nie. Wat die administratiewe voertaal betref, het teorie en praktyk hemelsbreed van mekaar verskil. Onder die talle dokumente vgl. o.a. L.G. 280: S. H. du Toit aan Hudson, Uitenhage, 27 Feb. 1837; L.G. 277: no. 12, Siviele Kommissaris Uitenhage aan Stockenstrom, 26 Sept. 1836, pp. 48–50; L.G. 271: no. 3, P. R. Marillier aan Hudson, Somerset, 9 Feb. 1842, p. 11; Cradock 8/27: Hudson aan Civ. Com. Cradock, Grahamstad, 21 Mei 1838, met bylaes (ongenommer).
17. Vgl. o.a. L.G. 282: no. 95, Siviele Kommissaris Uitenhage aan Hudson, 12 Junie 1838, p. 88 vlg. (vir die menigvuldige pligte van veldkornette in Uitenhage in 1837); L.G. 280: no. 220, *ib.* aan *ib.*, 5 Des. 1837, met bylae W. R. Hilton en J. G. de Villiers, Port Elizabeth, 7 Des. 1837, p. 149 (hoedat stygende lewenskoste amptenare se salarisse ontoereikend maak); L.G. 267: Siviele Kommissaris Somerset aan Hudson, nota deur Stockenstrom, 23 Junie 1838, pp. 99–101 en Cradock 8/27: rondskrywe, Hudson aan Siviele Kommissaris Cradock, Grahamstad, 26 April 1838 (probleme om geskikte persone te kry as veldkornette). Omdat die werking van die administrasie van die grensdistrikte soms chaoties was, kon dit gebeur dat provisionele veldkornet Jan Venter van die wyk Brakrivier, distrik Cradock, byna vyf jaar lank geen betaling vir sy dienste ontvang het nie, nieteenstaande hy herhaalde kere daarom gevra het. Volgens amptelike dokumente het hy in sy wyk, die grootste in die distrik, van 1835 tot 1840 „prompt and active services at all times (whenever required)" gelewer. Luit.-goewerneur Hare noteer dat dit onverklaarbaar is, want die begroting het voorsiening gemaak vir dié pos en dit word spesifiek in die dokumente aangetoon dat Venter daarin aangestel is en dat hy die werk gedoen het (L.G. 534: no. 800, J. Venter aan Hare, 4 Mei 1840, pp. 232–237 en siviele kommissaris Gilfillan aan Hare, 6 April 1841, p. 238 vlg.).
18. L.G. 265: no. 24, Ziervogel aan Waarn. Sekr. van Stockenstrom, Somerset, 5 April 1837, p. 112 en no. 27, *ib.* aan *ib.*, 20 Junie 1837; Ay. 8/55: Ziervogel aan Campbell, Somerset, Jan. 1835. In 'n omsendbrief uit die Kaapse Koloniale Kantoor word in Nov. 1839 aangedring op akkurate en spoedige statistieke benodig vir publikasie; en dan bygevoeg „the returns hitherto furnished by *some of the Civil Commissioners have been so scanty and defective*, and have been forwarded at so late a period of the year", dat die Goewerneur nou spesiale aandag hieraan versoek (L.G. 62: Omsendbrief aan Siviele Kommissarisse, Kaapstad, 20 Nov. 1839, pp. 10–11). Vir 'n algemene ontleding van die bestuur van die Kaapkolonie, kyk A. K. Fryer, *The Government of the Cape of Good Hope, 1825–1854: the age of Imperial Reform* (in Arg.-jrb. vir S.A. Gesk., 27ste jg., I, 1964).

gewoonlik van oorsee af ingevoer en die laer beamptes wat gewoonlik uit die Kaapse koloniste gekies is; en dit bevorder nie die doeltreffende uitvoering van die Britse beleid nie. Op die vooraand van die Groot Trek bereik die filantropiese gevoel 'n hoogtepunt in sy beïnvloeding van die Britse koloniale administrasie, maar omdat verreweg die meeste beamptes (en veral die laeres) aan die Kaap dit toe nie gunstig gesind is nie, word sy invloed nie altyd in die praktiese toepassing van die Britse beleid opgemerk nie.

Onder aanmoediging van bekwame en bedrywige sendeling-filantrope is Hottentotte en Gekleurdes steeds en in groter getalle in die Blanke koloniale gemeenskap opgeneem. Toe die slawe as ingeboektes op die punt gestaan het om die geledere van die vrye Nie-Blankes in die Kaapkolonie verder te versterk, is skerp reaksies van Blankes op baie terreine van die lewe uitgelok. Dat die inskakelingsproses met regeringsdwang gesteun is, is dan ook deur die Afrikaner as 'n grief beskou. Dit was die Afrikaanse Boer wat homself as die belangrike draer van die Europese beskawing in Suid-Afrika gesien het. So intens was hy bewus van sy roeping dat alles wat hom in die weg gestaan het, moes swig. Vandaar sy onverbiddelike aanspraak op die grond en arbeid van die inboorling en ook sy strenge differensiasie tussen Blank en Nie-Blank. Die sendeling het weer daarna gestreef om onder die gunstigste omstandighede sy Christelike boodskap aan die inboorling te bring. Vandaar sy aandrang op 'n Britse protektoraat oor die inboorling en die wering van Blanke koloniste uit sy onmiddellike omgewing. Die sendeling-filantroop het beweer dat die Boer die inboorling minder vatbaar vir kerstening maak deur hom te veronreg en te verhinder om sy regmatige plek as die potensiële gelyke van die Europeaan in dieselfde maatskappy in te neem. Noodwendig moes die teenstrydige opvattings van die veeboer-landhouer en die sendeling-handelaar tot 'n ernstige botsing lei: dié twee speerpunte van die Europese beskawing in Suid-Afrika het hul beskawingstaak totaal verskillend benader.[19]

Stryd is kenmerkend van die heterogene gemeenskappe in die Kaapkolonie op die vooraand van die Groot Trek. Stryd woed tussen groepe Blankes en groepe Nie-Blankes, sommige Hollandstaliges en sommige Engelstaliges, tussen boere en sendelinge, tussen boere en amptenare, tussen amptenare onderling (en soms op die mees persoonlike grondslag of as gevolg van gefrustreerde ambisies), tussen sendinggenootskappe onderling, tussen geestelike leiers onderling. Die stryd spruit voort uit verskillende uitgangspunte, uit talle belangebotsings, verskillende toekomsplanne vir 'n beter Suid-Afrika, waaroor een leier met die ander in hewige botsing kom. Uitgesprokenheid in die pers, in boeke en pamflette, en in briewe, amptelik sowel as privaat, word algemeen aangetref.[20]

Ons onderskei eers politieke toestande, dan ekonomiese en maatskaplike toe-

19. Muller, *Britse Owerheid*, pp. 31–59.

20. Vir 'n tentatiewe lys van vroeë Kaapse publikasies, vgl. P. W. Laidler, *The pre-Victorian products of the Cape press, 1796–1837*, Johannesburg, 1935. Vername

stande, en vervolgens kulturele en intellektuele toestande; en skets dan die ontstaan van die grensdorp.

Op die vooraand van die Groot Trek was die Kaap 'n kroonkolonie waarin die koloniste heel weinig aandeel in die bestuur van hul land gehad het. In 1828 is die Burger-Senaat in Kaapstad en die stelsel van landdros en heemrade in alle distrikte afgeskaf, en daarmee het 'n vername aandeel in die plaaslike bestuur verlore gegaan. In die uitgestrekte Kolonie het koloniste in die praktyk dikwels 'n belangrike rol in die plaaslike bestuur verower. Maar in die sentrale bestuur het hulle al die jare weinig geleenthede geniet. Petisies om 'n groter aandeel in die sentrale regering is nou herhaalde kere na Engeland gestuur. In Junie 1827 en weer in Mei 1830 is tevergeefs versoekskrifte om 'n verteenwoordigende vergadering aan die Britse Laerhuis voorgelê. Redes vir die weiering was o.a. die heterogene samestelling van die Kaapse gemeenskap, die klein aantal Engelssprekendes en verset deur die filantrope.[21] In Julie 1831 het 'n openbare vergadering te Kaapstad besluit om by 'n verdere petisie onder meer te vra dat 'n Wetgewende Vergadering, saamgestel deur die vry verkose verteenwoordigers van die koloniste, in die lewe geroep word. Tegelyk word daar gekla by die Koning-in-Rade dat hulle geen selfbestuur geniet nie, dat daar geen beheer oor spandabele uitgawes is nie, dat belastings te hoog is, en word die euwels vermeld wat hulle in die toenmalige stelsel van plaaslike bestuur sien. Daar word gevra om 'n verantwoordelike Uitvoerende Raad, aangewys deur die Goewerneur, met die goedkeuring van die Kroon, en 'n Wetgewende Vergadering waarin uitsluitlik vryverkose koloniale verteenwoordigers sitting sou hê. Cole het gerapporteer „there is not a single person in the Colony satisfied with the Council of Advice as it is now". Die Goewerneur raai af dat die heemrade heringestel word. Die Imperiale Koloniale Kantoor se potloodnota op die missive het gelui dat die oorweging van die aangeleentheid tot Cole se terugkeer na Engeland moes oorstaan.[22] Eers teen die einde van 1833 word

periodieke literatuur word later in hierdie hoofstuk bespreek. Soms kom uitings in hierdie gees op onverwagte plekke, soos in 'n verlieslys van die Sesde Oosgrensoorlog, te voorskyn. Luitenant R. H. Rubidge, R.N., van Gletwyn, Albanie, laat hom in 1835 te Grahamstad soos volg uit oor John Fairbairn se Kaapstadse koerant: „Files for 8 years of the Sophisticated Jesuistical Incendiary Paper 'the Comm.l Advert' being the time which I took before I was reluctantly compelled to discontinue from being convinced its editor is an Enemy to the interests of the Colony and to the general welfare of Mankind" (L.G. 35: no. 1242, Rubidge aan Hudson, pp. 194–197, aanhaling p. 197).

21. C.O. 48/146: Cape of Good Hope, Correspondence, 1832, vol. 1, Jan.–Des., no. 3, Cole aan Goderich, 6 Jan. 1832, met bylae no. 3 (P.R.O.). Reeds op 19 Julie 1828 het Bourke aan Huskisson 'n ongedateerde petisie om 'n Wetgewende Vergadering, ook in Kaapstad opgestel, deurgestuur. Sien C.O. 48/125: Cape of Good Hope Correspondence, 1828, Julie – Des., no. 33, pp. 15–39a (P.R.O.). Vgl. ook U. Scheepers, *The Governorship of Sir Galbraith Lowry Cole*, ongep. M.A.-tesis, Unisa, 1938, p. 11 en Fryer, p. 7; Hunt, *The Governorships of Sir G. Lowry Cole*.

22. C.O. 48/146: no. 3, Cole aan Goderich, 6 Jan. 1832, met bylae no. 3 (P.R.O.).

in D'Urban se instruksies vir die instelling van slegs 'n Wetgewende Raad voorsiening gemaak. Die enigste verteenwoordigers van die koloniste in die Raad was van vyf tot sewe lede wat nie vry verkies sou word nie, maar deur die Goewerneur persoonlik genomineer moes word.[23] Selfs dié geringe mate van selfbestuur het filantrope soos dr. J. Philip en die digter T. Pringle nog verontrus: enige uitbreiding daarop sou o.a. onder filantropiese druk jare lank nie moontlik wees nie.[24]

Nietemin het dr. Philip se skoonseun, John Fairbairn, as redakteur van *The South African Commercial Advertiser*, gedurende die vroeë jare dertig geskryf dat die Kaapse koloniste die Verenigde State van Amerika as hul model moes neem ten einde 'n groter mate van seggenskap in die bestuur van hul land te verkry. Fairbairn hef die beroemde Amerikaanse kreet „No taxation without consent" aan. Hy vergelyk die fenomenale ontwikkelingsgang van die Noord-Amerikaanse kolonies met die slakkegang van die Kaapkolonie. In Noord-Amerika sien hy vryheid en liberale beginsels.[25] Op 23 November 1833 skryf Fairbairn 'n subhoofartikel onder opskrif „We know little of Republican America". Uit Amerikaanse en Engelse nuusblaaie word geredelik nuus uit Amerika, soos oor die Indiane en die grenskoloniste, die Amerikaanse Negerkolonie Liberië, die werking van Amerikaanse republikeinse instellings en ander belangwekkende temas, oorgeneem. Langs *The South African Commercial Advertiser* verrys spoedig *The Graham's Town Journal* en *De Zuid-Afrikaan*, wat met aanneemliker denkbeelde beter vorm kan gee aan die koloniale politieke aspirasies. Na die vestiging van Isaac Chase in 1835 as Amerikaanse konsul te Kaapstad, neem die skeepsverkeer tussen die twee lande vinnig toe; heelwat meer Amerikaanse nuusblaaie bereik die Kaap, meer Amerikaanse literatuur word aan die Kaap versprei, geresenseer en gelees. 'n Klaarblyklik verhoogde belangstelling word dus getoon by uitstek in allerlei aspekte rakende Amerikaanse staatsinstellings en -beleid.[26] Binnekort sou met die koms van die eerste Amerikaanse sendelinge na Suid-Afrika – heeltemal ten onregte – die suspisie opgewek word dat hulle ook politieke oogmerke sou koester. By Port Natal en Delagoabaai sou nie alleen Amerikaanse walvisvaarders en koopvaarders steunpunte vind nie, maar dit sou ook staatkundige doelstellings kon verberg, wat deel van 'n groter skema in Sentraal-Afrika en op strategiese punte op die roete na die ooste sou kon uitmaak.[27]

23. *C. of G.H. Govt. Gazette*, 24 Jan. 1834; Harlow en Madden, *British Colonial Developments 1774–1834: Select Documents*, Oxford, 1953, pp. 115–119 (instruksie van 8 Nov. 1833).
24. Muller, *Britse Owerheid*, p. 58.
25. Vgl. bv. *S.A. Com. Adv.*, 14 en 17 Aug. 1833.
26. Kyk Muller, „Die Besoek van die Amerikaanse Oorlogsfregat ‚Potomac' aan die Kaap in 1831", in *Hertzog-Annale*, jaarboek II, Des. 1955, pp. 51–52.
27. C.O. 48/163: Cape, Public Offices, 1835, vol. 3, Admiralty aan Hay, 30 Junie 1835, pp. 37–39; India Board aan Hay, 3 Aug. 1835, pp. 56–57; Foreign Office aan Hay, 29 Julie 1835, pp. 113–115b.

Op die vooraand van die Groot Trek was slegs Blanke Kapenaars nog politiekbewus en begerig om as belastingbetalers en landverdedigers 'n veel groter aandeel in die bestuur van hul land te verkry, desnoods op Amerikaanse model, wat sedert die laaste kwart van die agtiende eeu aandag aan die Kaap getrek het. Die demokratiese strewe was na vry verkose verteenwoordigers. Na die Kaapse „Patriotte" van die laat agtiende eeu se mislukte pogings om dieselfde doelstelling te verwesenlik, kry ons egter nie verwysings nie. Dit is ook moeilik om 'n lyn deur te trek van die laat agtiende-eeuse Patriotte na die draers van Afrikaner-nasionalisme in die dertigerjare van die negentiende eeu.[28] Die Kaapse Nie-Blankes was politiek onontwaak. Of die meer talryke Afrikaanssprekendes met die meer politiek bewuste Engelssprekende minderheid in Kaapstad, in die dorpe en die distrik Albanie woonagtig, in 'n politieke stryd gewikkel sou geraak het, is onmoontlik om te sê. Voldoende Afrikaanssprekende leiers was nog nie Engels so magtig dat hulle vry op die politieke terrein sou kon beweeg nie. Ofskoon daar verskillende benaderings was by die twee Blanke groepe (met miskien 'n tradisie van opposisie en suspisie wat uit die sewentiende-eeuse see-oorloë spruit), is daar soveel druk van die Nie-Blanke binne en buite die Kolonie, asook van die kant van die Britse regering, op hulle uitgeoefen, dat mens nie anders kan as om 'n redelike goeie mate van politieke samewerking te verwag nie. Oor die Sesde Oosgrensoorlog, bv., sou hulle in enige vry verkose Wetgewende Vergadering dit roerend eens gewees het.[29]

Ook oor die aanstelling van meer verdienstelike Kaapse burgers in hoëre Kaapse ampte het Afrikaans- en Engelssprekendes saamgestem. Ou Hollandse beamptes het selde die geleentheid gekry om die hoëre poste aan die Kaap te beklee. Andries Stockenstrom as kommissaris-generaal en later luitenant-goewerneur het dit van alle Kapenaars die verste gebring; maar sy bevorderingskanse is verbeter deur ruim ervaring van grenstoestande en deur filantropiese oorwegings. Verdienstelike en goedopgevoede seuns van Engelssprekendes in die Kaapkolonie is ten gunste van oorsese familiebetrekkings of vriende van invloedrykes oor die hoof gesien. Hulle het hulle dan ook aangesluit by hul Afrikaanssprekende landgenote in protes oor die gebrek aan plaaslike geleenthede vir administratiewe en staatkundige talente. Teen beamptes uit die geledere van die koloniste is daar nog verder gediskrimineer deurdat die ingevoerde beamptes in Britse sterling betaal is; daarenteen het Kapenaars hul salaris in

28. Kyk bv. C. Beyers *„Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei"* in Arg.-jrb. vir S.A. Gesk., 4de jg., deel I, 1941, en *Die Kaapse Patriotte,* Pretoria, 1967; T. van Wijk, „Die Uitgang van die Agtiende Eeu" in *Die Hervertolking van ons Geskiedenis* (Van Jaarsveld e.a. reds.), p. 38; J. C. Visagie, *Willem Fredrik Hertzog, 1792–1847* (ongep. M.A.-verh., Unisa, 1971).

29. Aspekte van die verhouding tussen die Engelssprekendes en die Afrikaners word later in hierdie hoofstuk bespreek. Vgl. o.a. C. R. Kotzé, „Reaksie van die Afrikaners op die Owerheidsbeleid teenoor hulle, 1806–1828", II, in *Historia,* 14de jg., no. 4, Des. 1969, pp. 243–261.

gedepresieerde Kaapse riksdaalders ontvang.[30] Die benaming „koloniaal" hou nog iets minderwaardigs in wanneer ontwikkelde, belowende jong Kapenaars, goed opgevoed, met die nodige bekwaamheid en daarby vertroud met plaaslike toestande, nie op eie bodem tot hul reg kom nie.

As mens die armoede en betreklike agterlikheid van die Kaapkolonie met sy karige hulpbronne op die vooraand van die Groot Trek in ag neem, kan mens goed begryp dat die woord „koloniaal" 'n ietwat ongunstige betekenisnuanse gekry het.[31] Die afgeleë, uitgestrekte, dunbevolkte kolonie tussen Suid-Amerika in die weste, en Indië en Australië in die ooste, het in 1834 'n totale bevolking van alle rasse van sowat 150 000 gehad. Waar meer as die helfte van hulle Nie-Blankes was wat òf as slawe-arbeiders òf as Gekleurdes (waaronder 'n klein aantal nominaal nog nie ontstamde Hottentotte nie) in 'n onderhorige ekonomiese posisie en op 'n lae maatskaplike vlak verkeer het, kan verstaan word dat die Kaapse stoflike welvaart nie hoog kon wees nie. As daarby nog in ag geneem word dat 'n outokratiese koloniale beleid nog steeds getrag het om Kaapse belange ondergeskik aan die belange van 'n Europese moederland te stel, en eers heel kort tevore die strenge formele regeringsbeheer begin verslap het, is dit te begrype dat die Kaap nog nie veel kon floreer het nie. En as daar ook nog verder in gedagte gehou word dat 'n besonder hoë persentasie van die Kaap se sowat 70 000 Blankes direk of indirek hul bestaan uit die landbou en veeteelt gemaak het; dat wyn, die vernaamste uitvoerproduk, van 'n swak gehalte was en nou moeilik 'n mark gevind het; en dat wol, die enigste potensieel waardevolle grondstof, nog maar in minimale hoeveelhede geproduseer is – wanneer al hierdie omstandighede in ag geneem word, wek dit inderdaad verbasing dat private ondernemingsgees reeds soveel bereik het.[32]

30. C.O. 48/166: no. 16, D'Urban aan Glenelg, 23 April 1836, met bylae, memorie van F. W. de Wet, p. 228 vlg.; Millar, *Plantagenet in S.A.*, pp. 188 en 203. Volgens sy eie getuienis is Edward Parker (later 'n verdediger van die Trekkerlaer te Bloedrivier) deur die invloed van vriende in Engeland as klerk van die resident-magistraat te Port Elizabeth aangestel. Vgl. L.G. 278: dokumente aangaande Parker se aanstelling, optrede en ontslag, 22 Mei–7 Junie 1837, pp. 149–169. Die Setlaar Thomas Philipps vertel dat ene Lawson uit Skotland as resident-magistraat te Grahamstad aangestel is teen £500 per jaar, terwyl plaaslike beamptes karige salarisse kry. Nie alleen was Lawson 'n verharde alkoholis nie, maar volgens Philipps „so odd in his manner at times, that I think he must have been at one time of his life deranged". Kyk Keppel-Jones (red.), *Philipps, 1820 Settler*, pp. 329, 337 (aanhaling) en 341.
31. C.O. 48/166: Confidential, D'Urban aan Glenelg, 2 April 1836, met bylae, J. B. Ebden aan D'Urban, 17 Maart 1836, waarin Ebden as ou Kaapse inwoner kla „the System which has so long obtained of filling all appointments by *Strangers* from home, is calculated to excite general dissatisfaction, as subversive of the hopes, and destructive of the only means, which the Colonists possess, of providing for their families" (p. 36 vlg.). Miskien het die minderwaardige status van die Kolonie daartoe bygedra dat die benaming „koloniaal" al meer deur „Suid-Afrikaans" vervang is.
32. Vir besonderhede kyk die Kaapse Blouboeke en Almanakke op die vooraand van die Groot Trek.

Dat daar nou soveel energie deur die klein groepie Blankes, yl versprei oor honderde vierkante myle aan die suide van die vasteland van Swartmense, geopenbaar is, moet aan 'n aantal gunstige faktore toegeskryf word.

Die Kaapse kapitaliste en koopmanne het na 'n lang ontwikkeling gedurende die sewentiende, die agtiende en die vroeë negentiende eeu nou 'n sterk beherende posisie beklee. Van hulle het verstandige ekonomiese leiding uitgegaan wat in die meeste vertakkings van die maatskappy gesond deurgewerk het. Louter stoflike gewin is nie deur hulle nagestreef nie: 'n sin vir geestelike waardes word in 'n ruime mate onder hul geledere aangetref. Met die verslapping van die Britse outokratiese beheer nadat lord Charles Somerset weg is, tree die private ondernemer flink na vore; en dit is die kapitalis en koopman wat in die eerste instansie beheer uitoefen.[33]

Wie was hierdie kapitaliste en koopmanne? Waar kom hulle vandaan? Hoe is hulle vir hul taak voorberei? Waar het hulle gewoon? Watter omstandighede het hulle geplaas waar hulle was?

Die sewentiende en die vroeë agtiende eeu het reeds hul kapitaliste gehad in Willem van Dieden, Johannes Phijffer, Henning Hüsing en Hendrik Oostwalt Eksteen. Omdat hulle 'n besondere ondernemingsin gehad het en omdat die N.O.I.K. nie sonder 'n private ondernemingsgees kon klaarkom nie, kon hulle kapitaal opbou. Twee dekades na die aanvang van die agtiende eeu was sekere persone reeds kapitaalkragtig genoeg om met skepe ooswaarts te wou vaar, indien die Kompanjie hulle dit wou toelaat.[34] Teen die jare sewentig ontmoet ons talle vermoënde kapitaliste in Kompanjiesdiens (soos Johann Friedrich Kirsten) en daarbuite (soos Martin Melck). Onder die beskerming van die Kompanjiesmonopolie word deur louter private ondernemings aanmerklike fortuine opgebou, waarvan sommige met die protesskrifte van die Kaapse „Patriotte" enigsins in die gedrang kom. Die groep kapitaliste en koopmanne slaag egter daarin om hul bedrywighede nie alleen voort te sit nie, maar ook trans-oseanies na baie van die wêreld se vernaamste stede uit te brei. Hulle kry 'n kosmopolitiese karakter en hulle geledere word verder van oorsee af aangevul. Langs die bovermelde Duitsers kom daar nou by 'n Skandinawiër soos I. Strombom.[35] Net toe hulle einde ten laaste deur die Kompanjie toegelaat word

33. Aangesien daar deur die professionele historikus nog geen stelselmatige, gedetailleerde ondersoek oor die Kaapse koopman en kapitalis gewy is nie, het ek 'n studie daaroor begin uitwerk. Hier word slegs enkele feite gegee. Onder die verspreide studies wat reeds oor aspekte gedoen is, is vermeldingswaardig R. F. M. Immelman, *Men of Good Hope: The romantic story of the Cape Town Chamber of Commerce 1804–1954*, Kaapstad, 1955.

34. A. J. Böeseken e.a. (red.), *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Resolusies van die Politieke Raad*, II, 1670–1680, III, 1681–1707, IV, 1707–1715, V, 1716–1719. Sien die Registers vir die betrokke persone en sake.

35. C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte 1779–1795, passim;* Muller, *Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795*, p. 28 vlg.; J. Hoge, „Martin Melck", in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Julie 1934. In onderskepte briewe wat deur die

om met hul eie skepe transoseanies te vaar, sak wakkere Britse kruisers in die jare negentig op hul eiendomme toe en gaan alles verlore.[36]

Baie van hulle was nie ongeneë om deur die oppermagtige Britse vloot beskerm te word nie en het geredelik aansluiting by die nuwe geledere van die koopmanne onder die Eerste Engelse Bestuur gevind. Hulle het dieselfde kosmopolitiese belange en beweeg in dieselfde maatskaplike kringe. Onderlinge huwelike vind dan plaas. Nou word vir die eerste keer benut die besonder voortreflike strategiese ligging van die Kaap op 'n unieke kruising van handelsweë nie alleen om die suidelike kuste van Afrika nie, maar tussen westelike eilande en die Amerikas en die oostelike eilande, die Verre Ooste en Australië, asook tussen Europa en Asië. Soveel as wat oorlogstoestande, beskikbare kapitaal, skepe en bemannings toegelaat het, word hierdie geweste benut. Groot fortuine word gemaak en verloor. Gewetenlose entrepreneurs soos Michael Hogan kom uit Indië na die Kaap en verdwyn na die Verenigde State van Noord-Amerika. Na 1806 verskyn weer nuwe koopmanne en gaan dieselfde tendens voort. Die einde van die Napoleontiese oorloë verminder risiko's en dit maak konsolidasie onder rustiger toestande moontlik.[37]

As gevolg van swaar oorlogsverliese, die waardevermindering van die Kaapse geld, onderbreking van baie van hul oorsese kontakte, nuwe metodes en algemene aanpassingsgebreke, het talle van die ou agtiende-eeuse koopmanne begin uitsak. Hulle plek is ingeneem o.a. deur kapitaalkragtiger en jonger aan-

Britte op Nederlandse skepe buitgemaak is, kry ons flitse van insig in die bedrywighede van die Kaapse koopmans. Vgl. bv. J. F. Kirsten en W. van Rheede van Oudtshoorn se brief aan 'n onbekende korrespondent, gedateer die Kaap, 28 Sept. (?) 1780 in H.C.A. 30/336 (P.R.O.); P. A. Regel aan S. Gestema te Amsterdam, gedateer Hougly in Bengale, 12 Januarie 1781, rapporteer die stuur van goedere na die here Brand en Onkruyt, sy gevolmagtigdes aan die Kaap (H.C.A. 30/349 in P.R.O.). Die stoflike vermoë en sosiale aansien van die Kaapse koopmans word in ander onderskepte briewe aangeraak. Direkteur F. Alewijn van die N.O.I.K. skryf op 20 Nov. 1780 uit Amsterdam aan 'n korrespondent in die Ooste, met verwysing na die ontevrede Kaapse burgers: „Mogelyk zal door het vertrek van een der geene die in den haat is, het gemoed wel wat bedaren maar het is moeijlijk zulke rijke burgers te regeeren" (H.C.A. 30/336). Uit Bengale skryf H. Frantsen op 15 Jan. 1781 aan sy moeder in Breda „aan de Caab komt men in aanzien als in Europa en kunnen Heerlijk leeven" (H.C.A. 30/349).

Interessante lig oor die Van Reenens se handelsbedrywighede aan die Kaap met die Franse word gewerp o.a. deur nos. 123–125 en 158, in C5B5, Le Cap de Bonne-Esperance, Colonies, 1783–1787 (Archives Diplomatiques du Ministêre des Affaires Etrangères, te Parys).

36. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Pretoria en Kaapstad, 1973, pp. 79–80.
37. Muller, *J. F. Kirsten*, pp. 42–45 en 77–80. Lig op Hogan se bedrywighede word gewerp deur dokumente aangaande die vaartuie *Hope, Chance, Harbinger, Sea Nymph, Regulus* en *Harriet*, in H.C.A. 49/23: Cape of G.H., Letts. of Marque (P.R.O.); kyk ook Theal, *R.C.C.*, IV, p. 257; en Verzameling Falck, no. 29, E. Bergh aan O. W. Falck, 30 Okt. 1805 (Aanwinst 1913, 11e Af., Rijksarchief, Den Haag).

komelinge uit Engeland wat spoedig die groot moontlikhede ingesien het wat toestande in en om Suid-Afrika hulle gebied het. By uitstek was hulle nou die skeepseienaars en hulle het oor die geld beskik om die ekonomiese lewe tot veel groter dinge te prikkel. Aan die sy van die nuwere kapitaliste het nog van die oues, soos Hamilton Ross, stewig gestaan. Behalwe enkeles van die ou Hollandse kapitaliste soos die ondernemende Frederick Korsten, het die meeste van die Hollandssprekendes tot tweede- en derderangse kapitaliste uitgesak. En selfs van hulle het in die laaste vyftien jaar voor die Groot Trek nog minder ondernemend geword.[38] Op die vooraand van die Groot Trek was die Kaapse Skiereiland, met Kaapstad (verreweg die grootste stad) en Simonstad en hul aangrensende streke in die weste, en Port Elizabeth, met Uitenhage en Grahamstad en hul aangrensende gebiede, die setels van die vernaamste kapitaliste en koopmanne. 'n Reeks grensdorpe het agter die vinnig groeiende oosgrenshawe Port Elizabeth en noordwaarts na Colesberg ontwikkel. In groot mate was dit te danke aan die verstedeling van baie van die Britse Setlaars dat klein, primitiewe grensdorpies op die vooraand van die Groot Trek so snel bedrywighede op vele terreine van die lewe in hul gekonsentreer het; en dat soveel nuwe grensdorpies begin ontwikkel het. Op hierdie betekenisvolle transformasie van die grensdorp kom ons later in hierdie hoofstuk terug. Tussen die twee uithoeke van die Kolonie, elkeen met sy eie hawens en onmiddellike binnelandse eksploitasiegebiede, het die handelsryk van die Barry-familie om Swellendam gelê, met sy poort deur die mond van die Breërivier.[39]

In geeneen van hierdie drie gebiede het Hollandse kapitaliste as 'n groep 'n prominente rol meer gespeel nie. Die Engelse kapitaliste het weer waardevolle en invloedryke kontakte onderhou en uitgebou met vriende en ook familie onder Britse koopmanne wat hulle bv. in Londen in die *Cape of Good Hope Trade Society* in 1825 georganiseer het. Dat Londen die finansiële sentrum van Europa was en dat die Industriële Revolusie in Brittanje die verste gevorder was, het hulle 'n groot stukrag in Suid-Afrika verleen. Baie van die kusvaarders, en selfs groter skepe, is deur hulle besit. Vandaar dat talle handelsreise na St. Helena en Rio de Janeiro, na Mauritius, Port Natal en die hawens van Portugees-Oos-Afrika deur hulle onderneem is. Kleinhandelaars en smouse wat Suidelike Afrika in alle rigtings deurkruis het, van die Transkei en Zoeloeland, noordwaarts deur die Oosgrensdistrikte na die Transoranje, Wes-Transvaal en Noord-Transvaal – is meestal deur hulle gefinansier en, waar nodig, van krediet voorsien. Dit sou dan volg dat die verwoesting wat die Sesde Oosgrensoorlog in Kafferland gesaai het, ook groot verliese aan die kapitaliste sou berokken; dat enige onvriendelike daad deur Shaka hulle winste sou verminder;

38. Immelman, *Men of Good Hope*, pp. 14–42; J. C. Chase, *Old Times and odd Corners* [F. Korsten], herdruk, Port Elizabeth, 1969.
39. A. P. Buirski, *The Barry's and the Overberg* (ongep. M.A.-verh., Univ. van Stellenbosch, 1952) en E. H. Burrows, *Overberg Outspan*, Kaapstad, 1952.

en dat wanneer Moselikatse se impies handelaars in die verre noorde aanval of bedreig, hulle moontlik verliese sou moes dra.[40]

Sodra dit enigsins deur regeringsbeleid moontlik gemaak word, sou die kapitalis die stigting van meer moderne finansiële instellings soos banke en assuransiemaatskappye in die groter sentra van die Kaapkolonie ywerig bevorder. Krediet sou nou meer geredelik beskikbaar wees onder meer vir die ondernemings van die entrepreneur en vir die aankoop van grenseiendomme wat met die ontstaan van die Groot Trek op die mark sou kom. Alte bewus van sy eie belangrikheid vir sy land, is dit die koopman en die kapitalis wat op 'n groter aandeel vir hulself in die bestuur van hul land aandring. Dit is hulle wat 'n vrye pers nastrewe, o.a. om meer handelsnuus beskikbaar te stel en om *hulle* belange as die belange van hul land te bepleit. Dit is hulle wat hul seuns wat hulle in hul firmas moet opvolg, 'n goeie opvoeding wil gee, en minstens 'n deel van die tyd in die Kaapkolonie self. Vir beter Kaapse onderwysgeriewe beywer hulle hulself dus. Dit pas hul sosiale status en hulle voel as leiers die verantwoordelikheid om die toon aan te gee in Kaapse liefdadigheids- en humanitêre verenigings.[41]

Nog 'n gunstige faktor wat die klein Blanke bevolking in Suid-Afrika tot veel groter daadkrag aangespoor het, was die koms in 1820 van die Britse Setlaars. Daarmee is 'n splinternuwe element op 'n strategies betekenisvolle kol in die suidooste van Suid-Afrika ingevoer: sowat 4 000 Engelssprekende boere. Weliswaar het baie van hulle later na dorpe soos Grahamstad en Port Elizabeth verhuis, maar dit het tog gelei tot die vestiging van 'n vaste Engelssprekende landelike bevolking wat ekonomies veel vir die Kolonie sou beteken. Hoewel daar nog min ondertrouery was, was daar 'n toenemende toenadering van Afrikaans- en Engelssprekendes. Op die platteland (behalwe in Albanie, die Setlaarsdistrik, self) het al hoe meer Setlaars Hollands begin leer en is van hulle algaande in die Afrikaanssprekende gemeenskap opgeneem. By gebrek aan ander kerkgeriewe het hulle noodgedwonge lede geword van die Hollandse Kerk, waar die aanstelling van Skotse predikante hulle des te gouer laat tuis voel het. In die stedelike (of dorpse) en buitestedelike gemeenskappe van Grahamstad en Port Elizabeth in die ooste, en die Kaapse Skiereiland in die weste, het die teenoorgestelde plaasgevind. Daar is Afrikaanssprekendes al hoe meer in Engelssprekende gemeenskappe opgeneem. Ouere Afrikaanssprekendes met hul stywe en onidiomatiese Engels het toegang begin kry tot Engelse maatskaplike kringe by formele geleenthede, soos amptelike onthale, en ontspanningsgeleenthede, soos perderesies. Kinders van Afrikaanssprekendes is daar meer dikwels na Engelse skole gestuur, waar hulle vlotter en beter Engels leer

40. C.O. 48/170: H. Maynard aan Glenelg, 5 Jan. 1836 (P.R.O.); Immelman, *Men of Good Hope*, p. 58 vlg.

41. C.O. 48/159: T. Phillips aan Hay, 1 Des. 1834, met o.a. bylae, resolusies deur Kaapse koopmans, 19 Nov. 1834, pp. 273–286. Kyk ook E. H. D. Arndt, *Banking and Currency Development in S.A.*, Kaapstad en Johannesburg, 1928, p. 197 vlg.

praat het. So is die weg voorberei vir jonger Afrikaanssprekendes om later met Engelssprekendes te trou en ook deur besigheidsaangeleenthede weer bedrywiger te begin word in die bevordering van die gemeenskaplike welvaart van hulle land.

Sowel in die stedelike as buitestedelike komplekse as in die afgeleë, uitgestrekte plattelandse distrikte met hul geïsoleerde dorpe het Afrikaans- en Engelssprekendes begin saamvoel en saamwerk. Saam het hulle nuwe maatskappye en verenigings op die vooraand van die Voortrek gestig; saam die baie en ernstige boerderyprobleme probeer oplos; saam in Oosgrensoorloë geveg; en saam vertoë gerig om 'n beter en veiliger grenslewe en grensskikking te skep.[42]

Dit was veral Engelssprekende winkeliers, handelaars en smouse wat die Oosgrensdistrikte, vanaf Olifantshoek tot by plase op die walle van die Oranjerivier, van die nodige ware voorsien het. Dit was hulle wat die florerende handelsverkeer in afgeleë streke onder die Xhosas geopen het, en dit na die verre Zoeloeland gevoer het, na die Bastergemeenskappe en inboorlinge in die Transoranje en die uithoeke van die Wes- en Noord-Transvaal uitgebrei het. As kleinhandelaars was hulle verantwoordelik vir die verspreiding van Westerse ware – aangekoop hoofsaaklik van Britse groothandelaars in die koloniale kusstede en vanuit Groot-Brittanje – onder die afgeleë boer en nog meer afgeleë sendeling en inboorling. Somtyds was hul winste groot (veral as hulle bereid was om wapens vir ivoor in te ruil); en soms was hul verliese groot, soos wanneer Xhosa-hoofde, Moselikatse of Shaka op hulle toegeslaan het. Onder die grensboere het hulle maklik beweeg. Hulle was 'n vername bron van nuus aangaande gerugte en gebeure, sowel uit die hoëre amptelike kringe aan die Kaap, as aan die voet van die verste bergreeks en oewers van die mees afgeleë meer en rivier. Oor rapporte aangaande wat in die ontvangskamer van *Government House* gesê sou gewees het, sou hulle kon kommentaar lewer, skynbaar met ewe veel gesag as oor die aanwesigheid van groot troppe olifante, swaar van ivoor, oor onbekende en interessante wildsoorte, en veeryke inboorlingstamme, wat pas in die binnelande ontdek sou gewees het. Binnelandse roetes sou hul met primitiewe sketse kon verduidelik. Met die sendeling het die smous en die handelaar saamgewerk en ook gebots. Dit was die stoflike fasette van dieselfde Westerse beskawing wat die handelaar aan die inboorling gebring het. Somtyds het die sendeling dié pogings goedgekeur en aangemoedig. Wanneer die handelaar egter sy beste winste in die hoër ruilwaarde van brandewyn, gewere, lood en kruit gesoek het, dan het die sendeling hom gewoonlik teengestaan.

Die reisende handelaar was allermins 'n spesialis: hy sou ook kon ageer

42. A. F. Hattersley, *An illustrated Social History of South Africa*, Kaapstad, 1969, p. 84 vlg.; A. Dreyer, *Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Somerset-Oos*, Kaapstad, 1935, pp. 7–8 (vir Robert Hart se rol in die Hollandse Kerk); *G.T.J.*, 27 April en 1 Junie 1832, vir Afrikanerboere se deelname aan die „Albany Races" te Grahamstad.

as jagter en ontdekkingsreisiger, soms as natuurwetenskaplike en skrywer, en desnoods as agent.[43]

Daar was nie ruimte vir spesialisasie in die, vir daardie tyd, onbeperkte binnelande van Suidelike Afrika nie. Die groot afgeleë ruimtes sonder, of met min, regeringsbeheer was aan die een kant 'n belemmering, maar aan die ander kant was dit ook 'n gunstige faktor wanneer, deur 'n oordeelkundige benutting van vergesigte, bykans onbeperkte handels- en ander ekonomiese voordele geopen sou kon word. Die soektog na minerale en edelgesteentes wat uit die sewentiende en agtiende eeue teruggevoer kan word, het nog nie doodgeloop nie: immer het 'n skat uit die onbekende gewink. Ywerige prospekteerders het aangehou soek.

Die bewoning van die oostelike en noordoostelike distrikte deur die Trekboer het strategiese basisse vir togte na die diepere binnelande verskaf. Vanuit Uitenhage en Grahamstad oor Graaff-Reinet en aangrensende nuwere grensdorpe kon vooruitgeskowe basisse benut word om verre ossewatogte na Transoranje en Transvaal te onderneem. En vanuit die mees oostelike hawe, Port Elizabeth, kon Port Natal en Delagoabaai per kusvaarder binne 'n paar weke opgesoek word; van daar kon die betreklik digbevolkte suidoostelike streke van Suidelike Afrika ten beste ekonomies geëksploiteer word.[44]

Alhoewel die groot landbou- en veeteeltdistrikte op die Oosgrens soos Uitenhage, Albanie, Somerset en Graaff-Reinet gekenmerk word deur die gebruik van primitiewe landboumetodes en ekstensiewe veeboerdery, het dit tog 'n kerngebied van die Westerse beskawing verteenwoordig. Die stewige vestiging van die Afrikaner-grensboere in daardie distrikte het basisse gebied vir ander ekonomiese bedrywe wat daardeur gevoed is. Kumulatief het alles bygedra tot die sosiale en kulturele ontwikkeling van hierdie streke. Daarom is dit nie *te* merkwaardig nie dat die heel eerste poging onder boere om hulle te organiseer en hulle gemeenskaplike belange te beskerm en te bevorder, soos bv. in die stigting van landbougenootskappe, in 1824 in die grensdistrik Graaff-Reinet plaasgevind het. Alle vertakkinge van die boerdery moes volgens die Genootskap bevorder word; maar die verbetering van die veerasse het besondere aandag geniet. Wolskaapteelt moes by uitstek aangemoedig word. Slegs twee jaar later volg die grensboere van Somerset(-Oos) en Uitenhage Graaff-Reinet se voorbeeld. Eers daarna kom die stigting van landbougenootskappe in die westelike distrikte aan die beurt. Onder die Oosgrensboere het 'n progressiewe gees dus vaardig begin word, in so 'n mate dat hulle hul redelik spoedig by

43. Muller in „Robert Scoon, 'n Vroeë Suid-Afrikaner" (in *S.A.H.J.*, 4 Nov. 1972) ontleed, benewens die rol van Scoon, ook aspekte van loopbane van William McLuckie en David Hume as reisende handelaars in die binneland. Hul verhouding tot Britse groothandelaars, soos Benjamin Norden, word aangeraak; asook dié tot sendelinge, soos Robert Moffat, en tot die Britse regering.

44. *G.T.J.*, 28 Maart, 23 Mei, 27 Junie en 4 Julie 1833; *S.A.B.W.*, I, pp. 620–622; L. Herrman, *A History of the Jews in S.A.*, pp. 102 en 109–111.

die vroeë inwerking van die Industriële Revolusie op die Kolonie sou kon aanpas.[45]

Dat die inwerking van die Industriële Revolusie op die Kaapkolonie juis sowat 'n dekade vóór die aanvang van die Groot Trek gevoel is, is nog 'n gunstige faktor wat glad nie genoeg aandag geniet het nie. Die invloed van die Industriële Revolusie het geensins tot Kaapstad en die vernaamste dorpe beperk gebly nie, maar ook na die platteland, en tewens die grensdistrikte, uitgebrei.

In 1825 het die verskyning van die *Enterprise* in Kaapse waters reeds die mag van stoomkrag vertoon. Teen 1836 is die *Cape of Good Hope Steam Navigation Company* gestig om stoomkrag in die Suid-Afrikaanse kusvaart aan te wend. Die *Hope*, die maatskappy se eerste stoomskip, het eers twee jaar later in die Kaap aangekom, en vyftien maande daarna met sy skipbreuk die maatskappy se eerste poging verongeluk. In 1831 is stoomkrag ook op land vir die maal van meel en die saag van hout aangewend. Tot dusver was perdekrag, waterkrag en windmeulens aangewend om graan te maal en dit sou ook nog jare lank gebruik word. Met die gestadige toename in wolproduksie is reeds in 1829 in Bathurst masjinerie geïnstalleer vir die weef van komberse en growwe materiale. Produksie het die volgende jaar in alle erns begin; maar probleme in verband met die aanwending van kapitaal en arbeid het so gerem dat dit nie lonend was nie. Ook met wol as grondstof is hoedemaak-industrieë op verskeie plekke in die Kolonie opgerig. Die betekenis van wol is op hierdie wyse pertinent onder die aandag gebring en die plaaslike mark daarvoor is langsamerhand vergroot. Daarbenewens word steeds meer wol vir die groeiende uitvoermark by die progressiewe Britse wewerye geproduseer sodat wol die belofte inhou om 'n betekenisvolle uitvoerproduk te word.[46]

In die politieke sfeer het ondernemingsgees uit toesprake, briewe en koerante gestraal, maar is nie veel praktiese resultate getoon nie. Die ekonomiese sfeer word weer deur 'n bruisende daadkrag gekenmerk. Die talle idees wat op die vooraand van die Groot Trek ontstaan het, word dikwels in dade omgesit. Dit is hier waar die saamwoon van die meerderheid Afrikaans- en minderheid Engelssprekende Blankes skynbaar as 'n prikkel gedien het om in noue samewerking hul land se stoflike welvaart te bevorder: die een oorwegend as boer op die platteland en die ander steeds sterker as kapitalis, koopman, handelaar, winkelier, professionele persoon, amptenaar en agent. In same- en wisselwerking is heelwat opbouends verrig wat nie so gou en so maklik alleen tot stand gebring kon geword het nie. Onder Afrikaners wat hulle reeds aktief in dorpe

45. H. B. Thom, *Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in S.A.*, Amsterdam, 1936, pp. 68–70; *S.A. Com. Adv.*, 30 Nov. 1831.

46. *S.A. Com. Adv.*, 5 Okt. en 23 Nov. 1831; M. Murray, *Ships and South Africa*, Londen, 1933, pp. 1–5 en 11–12. Kyk ook T. Waghorn, *Documents and Papers relative to Steam Communication to India via Cape of Good Hope*, Kalkutta, 1830, pamflet ingesluit in no. 33, T. Waghorn aan kol. Bell, 20 Julie 1830, C.O. 251: Letts. Rec. from Foreign Governments, Consuls and Agents, 1825–1840.

laat geld het, tel Piet Retief (veral in Uitenhage en Grahamstad), die Zietsmans (in Uitenhage), Gert Maritz en J. N. Boshof (albei in Graaff-Reinet). Hul deelname aan dorpsbedrywighede sou as uitstekende voorbereiding dien vir die verantwoordelikhede wat so min Voortrekkers later in hul eie republiek sou kon aanvaar. Op en om 'n kerkplaas soos Olifantshoek (waar die kern van sy eerste geboutjies geleidelik in die dorp Alexandria sou ontwikkel) vind ons ook die vaardige pen van Johan Bernhard Rudolph doenig – sowel in Hollands as Engels – om allerhande stukke vir Afrikanerboere en Setlaars op te stel. Ook sy netjiese handskrif sou later in die dokumente van die Republiek Natalia aangetref word, veral nadat hy Gert Maritz as Weesheer opgevolg het.[47]

Verskille wat daar tussen Blankes was, het verdwerg teenoor die verskille tussen hulle en die Nie-Blankes. Die Blankes het geredelik en dikwels saamgestaan om hulle maatskaplike en ekonomiese belange teenoor Nie-Blankes te handhaaf. Ofskoon min van die Engelssprekendes slawebesitters was, was die meeste van hulle dienshere wat nes die Afrikaanssprekende boer 'n stewige beheer oor hul Nie-Blanke bediendes verlang het. Dit is begryplik, want die oorweldigende meerderheid van die Blanke het ook tot die hoër maatskaplike laag behoort. Die Setlaar van Albanie was nes die Afrikaner-grensboer sterk ten gunste van 'n stewige militêre beheer op die Oosgrens om hom van 'n rustige en veilige boerdery te verseker; dan ook 'n doeltreffende stelsel om geroofde vee gou van die Xhosa terug te kry; en voorts 'n geleidelike ooswaartse grensverskuiwing om meer grond aan Blankes oop te stel. Verreweg die meeste Blankes het in hul houding teenoor die Nie-Blanke in hul gemeenskap of langs hulle, weens hul gemeenskaplike Westerse benadering, basies dieselfde ekonomies-maatskaplike patroon voorgestaan.[48]

Met hierdie patroon van Blanke-produksiebeheer redelik verseker, sou hul land die landbou- en veeteeltprodukte kon lewer waarop sy welvaart gegrondves was. Benewens wol was die duursamer plaasprodukte botter, vet, gesoute vleis en huide. Daar was 'n byna algehele afwesigheid van goeie paaie, en min veilige bergpasse, brûe en ponte. Selfs toe sir Lowry Cole uiteindelik die strategiese pas oor die Hottentots-Hollandberge, van Kaapstad na die Oosgrens, wat na hom genoem is, aanlê, ontvang hy 'n skerp berisping van Downingstraat. Hy sou te veel geld daarop spandeer; alle verbeterings, en selfs afronding, moes dus gestaak word. Weens die swak landverbindinge moes kusvaart vername aanvullende vervoer verskaf. Hawens was egter ook onontwikkeld, met min beskutting en pewere landingsgeriewe; en onherbergsame kuste was

47. C.O. 48/162: D'Urban aan Glenelg, 22 Okt. 1835, met bylaes, o.a. Graaff-Reinetse petisie, 13 Aug. 1835, p. 62 vlg.; C.O. 2695: Conf. no. 135, Stockenstrom aan Hoofregeringsekr., Graaff-Reinet, 23 Nov. 1827; Muller, „Karel Landman se Trekgesel-skap" (in *Historia*, 1st jg., 2, Okt. 1956, pp. 135–136).

48. Daar moet onthou word dat die Britse Setlaars na Albanie gekom het as grensverdedigers en as grondeienaars. As sodanig het hulle die maatskaplike status van dienshere verkry en by die Afrikanerboere as toonaangewende sosiale groep in die grensgemeenskap ingeskakel. Vgl. L.G. 35: no. 1242, Rubidge aan Hudson, p. 197.

hopeloos ondervoorsien van beveiligingsmiddels soos reddingspanne en vuurtorings. Waar sneller kusvaart algemeen met klein skepies beoefen is, het die risiko egter hoog gebly en die duur van die windaangedrewe reis onseker.[49]

Oorsese handel het nietemin toegeneem, in talle rigtings, maar by uitstek noordwaarts langs die Suidooskus van Afrika. Dit was 'n tyd van vrede en sekuriteit, na die internasionale woelinge van die Revolusionêre en Napoleontiese oorloë, stewig gewaarborg deur die Britse vloot. As gevolg van die uitbreiding van handels- en walvisvaartbelange, het o.a. Franse, Russiese en Deense konsulêre beamptes reeds hul verskyning aan die Kaap gemaak, gevolg deur Amerikaanse en Pruisiese beamptes.[50] Daar was 'n stadige maar sekere toename in die handelsbelangrikheid van Port Elizabeth. Dié hawestad se uitvoer het byvoorbeeld van sowat £33 275 in 1828 tot sowat £64 700 in 1831 aangegroei, maar later weer afgeneem. Gereelde plaaslike markte van groot materiële betekenis vir die Oosgrensgebied is te Port Elizabeth, Uitenhage en by uitstek Grahamstad ingerig. Laasgenoemde dorp was ook die steunpunt van 'n merkwaardig groeiende afset van Westerse ware aan die Xhosa in Kafferland – tot die Sesde Oosgrensoorlog dit tydelik beëindig het.[51] Maar winsgewende kontrakte vir die lewering van allerlei voorrade aan die troepe in die oorlog het veel gedoen om geld in die ekonomiese are terug te pomp. Met die uitbetaling van slawevergoedingsgelde ook nou in die vooruitsig gestel, sou daar met die beskikbare kapitaal 'n vloeibaarheid en mobiliteit in die Kaapse ekonomiese lewe bespeur word. Op die vooraand van die Groot Trek is dus 'n nuwe fase in die Kaapse ekonomiese ontwikkeling ingelui.[52]

Met kwaai prysskommelings was daar groter risiko's vir die onbeholpe ondernemer, maar tegelyk vir die wakker ondernemer ook veel groter geleenthede. Verdere aansporings sou die finale stoot aan 'n werklik grootskaalse ekonomiese ontwikkeling gee. Die geleentheid wat net voor die deur was, was om geruïneerde Oosgrens- en Trekkerplase goedkoop op te koop, wat daarna vinnig in waarde sou appresieer en, as oorsaak en as gevolg, die groeiende wolproduksie tot nog groter hoogtes sou opstoot.[53] Suid-Afrika was reeds ekonomies aan die beweeg, toe die begin van die Groot Trek sou help om die laaste

49. G.H. 23/9: no. 22, Cole aan Murray, 10 Feb. 1831, pp. 391–398; Immelman, *Men of Good Hope*, pp. 158–159.
50. C.O. 251: Letts. Rec. from Foreign Governments, Consuls and Agents, 1825–1840, o.a. nos. 24, 41 en 97; G.H. 23/9: no. 4, Cole aan Murray, 4 Jan. 1831, pp. 341–342.
51. Ay. 8/77: G. E. Joseph en 11 ander gelisensieerde handelaars aan landdros Dundas, Grahamstad, 13 Maart 1826; Ay. 8/81: J. Collett aan D. Moodie, 26 Feb. 1830, alles ongenommer; Collector of Customs, Port Elizabeth, Govt. Letts. Rec., 1831–1840, Field aan Francis, 31 Okt. 1834 (K.A.); *C. of G. Hope Literary Gazette*, V, 1, Januarie 1835, pp. 27–29 (J. C. Chase se artikel „The Late Caffre Trade").
52. Vgl. B. J. Liebenberg, *Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die Implikasies daarvan* (ongep. M.A.-verh., U.O.V.S., 1959, Hoofstukke IX en X); G. B. Crankshaw, *The Diary of C. L. Stretch* (ongep. M.A.-verh., Rhodes-Univ., 1960), p. 342.
53. Muller, *Britse Owerheid*, pp. 95 en 101–102.

reste van ekonomiese verstarring weg te veeg. Winsgewende beleggings in grond in die Kaapse Oosgrensdistrikte sou na Natal verskuif, en ook na Transoranje. Die vloeibaarheid in die ekonomiese lewe sou die nuwe tydperk open van die groot kapitalis met 'n ruim Suid-Afrikaanse blik en fondse wydversprei oor 'n verskeidenheid van ekonomiese bedrywighede. Suidelike Afrika sou hom nie laat inperk nie.

Op kulturele en intellektuele gebiede was daar ook heelwat bedrywigheid voor die Groot Trek, maar nie in dieselfde mate as op ekonomiese en politieke gebiede nie. Hier moet weer eens baie duidelik tussen die verskillende bevolkingsgroepe onderskei word. Daar is reeds gewys op die vername kulturele bydrae wat die handelaars en kapitaliste uit hul stedelike of buitestedelike gebiede gelewer het. Predikante en sendelinge het nie slegs geestelike behoeftes probeer bevredig nie: hulle het gewoonlik deur middel van die literatuur in hul biblioteke, hul lesings en geskrifte, 'n ruimer kulturele bydrae gelewer. Dieselfde geld vir lede van ander professies soos mediese dokters, advokate en prokureurs wat, ongeag hul woonplek, draers van kultuur en intellektuele ligpunte in die Kolonie was.

Die kulturele en intellektuele ontwikkeling van die Kolonie was verreweg die sterkste in en om die Kaapse Skiereiland gesentreer, en dan in en om Grahamstad en die nabygeleë Setlaarsdorpies. In dié twee streke was 'n sametrekking van gegoede en ontwikkelde persone met die intellektuele belangstelling, die vrye tyd in 'n rustige atmosfeer, die nodige fasiliteite, die geldelike ondersteuning en die prikkeling van ander intellektuele.[54] Die oudste kultuursentrum, Kaapstad en die ondersteunende Boland, het verreweg die gunstigste kulturele en intellektuele klimaat voorsien en die beste fasiliteite gebied. Die moederstad was 'n kosmopolitiese stad met gevestigde, rustige herewonings waar nie alleen talle Hollands- en Engelstalige intellektuele gewoon het nie, maar waarheen ook veelsydige produkte van die breëre Europese beskawing, soos C. E. Boniface en J. Suasso de Lima, heen gekom het.[55] John Fairbairn, 'n Skotse joernalis en opvoedkundige met 'n wye belangstelling, het hom ook in Kaapstad gevestig.[56] Die moederstad was buitengewoon bevoorreg om sekere geniale en

54. Terwyl die Kaapkolonie besonder yl bewoon was, het die twee streke die enigste noemenswaardige bevolkingskonsentrasie bevat. Kyk die Cape of Good Hope Bluebooks vir die betrokke jare en G.H. 28/15: Table exhibiting a return of the Population of the Colony . . . , pp. 609–610. Vir insiggewende besonderhede oor die bestelling van oorsese tydskrifte, koerante en boeke deur G. Greig, sien Greig aan R. Godlonton, Kaapstad, 29 Mei 1829, alles ongenommer, in Ay. 8/80: Papers received from Misc. private individuals and bodies, 1829.

55. J. Bouws, *Die Musieklewe van Kaapstad 1800–1850* . . ., Kaapstad en Amsterdam, 1966, veral pp. 7–11, 35–38, 140–141 en 144–146; F. C. L. Bosman, *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, I (*1652–1855*), Kaapstad en Pretoria, 1928, p. 178 vlg.; G. S. Nienaber, *Van Roem tot Selfmoord*, Johannesburg en Pretoria, 1939; *S.A.B.W.*, I, pp. 95–96 en 227–229.

energieke geeste tydelik in die jare kort voor die Groot Trek te kon huisves. Daar was die intellektuele en kulturele reus, die sterrekundige spesialis en geniale algemene wetenskaplike John Herschel, wat hom te Feldhausen in die Kaapse Skiereiland gedurende 1834 tot 1838 vestig. Sy energieke en vorsende gees het nie slegs snags aktief gefunksioneer nie: bedags het hy Kaapse tonele geskets, die Kaapse flora bestudeer en met 'n groepie opvoedkundige hervormers saamgewerk om die hele Kaapse onderwysstruktuur te wysig. Hy bepleit o.a. meer skole met meer praktiese leerplanne onder beheer van 'n heeltydse Superintendent-Generaal van Onderwys. Sy voorstelle dra veel gewig en word uitgevoer.[57] Naas hom arbei sy vriend die koninklike sterrekundige Thomas Maclear, o.a. ook in die grondlegging van die Kaapse weerkunde en die meting van die plaaslike getye; maar hy toon daarby – soos baie intellektuele – 'n wyere belangstelling in die ontleding van rassebetrekkinge en arbeidsprobleme.[58] Dr. Andrew Smith, 'n veelsydige Skotse medikus wat sedert 1825 in Kaapstad gestasioneer was, is as superintendent van die nuutgestigte „The South African Museum" deur lord Charles Somerset aangewys. Uit die ryke verskeidenheid van Suid-Afrikaanse diere- en plantelewe en mineraleskatte is monsters gesistematiseer en uitgestal in die Openbare Biblioteek, wat verder ontwikkel is. In 1826 publiseer Smith die eerste deel van sy *Descriptive Catalogue of the South African Museum* en verklaar in sy „Introduction": „If there is one spot on the surface of the globe better adapted than another for furnishing interesting objects of Natural History to a Public Museum *that spot is* Southern Africa. Nature to it has been liberal beyond all description . . ."[59] Gedurende sy jarelange verblyf aan die Kaap het Smith hom geroepe gevoel om by uitstek die fenomenaal ryke verskeidenheid wilde diere in Suid-Afrika intensief te bestudeer en uitvoerig daaroor te publiseer. Sy belangstelling het ook uitgestrek tot die geskiedenis van die inheemse volke van Afrika waaroor hy op grond van mondelinge inligting en skriftelike bronne gedetailleerde aantekeninge opgestel het. Inderdaad het hy boustowwe versamel om 'n geskiedenis van die Kaapkolonie te skryf.[60]

Voorheen is daar aan die Kaap weens sensorskap en gebrek aan 'n geskikte

56. Vgl. die Pringle-Fairbairn Papers, II (Parlementsbiblioteek, Kaapstad); *S.A.B.W.*, II, pp. 229–231; *S.E.S.A.*, IV, p. 421.
57. W. T. Ferguson en R. F. M. Immelman (reds.), *Sir John Herschel and Education at the Cape 1834–1840*, Kaapstad, 1961; G. Buttmann, *The Shadow of the Telescope: A Biography of John Herschel* (vertaling uit Duits), New York, 1970; D. S. Evans en andere (reds.), *Herschel at the Cape: diaries and correspondence, 1834–1838*, Kaapstad, 1969; „Sir John Herschel at the Cape 1834–1838" (in *Q.B.S.A.L.*, deel XII, 2, Des. 1957, pp. 39–82); *S.E.S.A.*, V, pp. 500–502.
58. Kyk T. Maclear aan redakteur *S.A. Com. Adv.*, 21 Des. [1839], 'n private brief in die Pringle-Fairbairn Papers, II, pp. 198–198 B; Buttmann, *op cit.*, pp. 111–112.
59. Kirby, *Sir Andrew Smith, pp.* 43–65 (aanhaling op p. 58).
60. *Ibid.*, pp. 66–88. Smith se oorspronklike manuskripte is in 14 dele in die Suid-Afrikaanse Museum te Kaapstad bewaar. Vir 'n aanduiding van hul inhoud, kyk *ibid.*, p. 342.

drukpers min gepubliseer. Toe *The South African Commercial Advertiser* in die laat twintigerjare en *De Zuid-Afrikaan* kort daarna as permanente nuusblaaie verskyn het, is 'n groot ommekeer merkbaar. Die in die lewe roep van die *South African Quarterly Journal* in 1829 het 'n wetenskaplike publikasiemedium geskep waarin resultate van intellektuele arbeid in wyere kringe verdere denke kon stimuleer. Dieselfde jaar is ook 'n wetenskaplike vereniging, die „South African Institution", in Kaapstad gestig, wat beoog het om „the geography, natural history and general resources of South Africa" na te vors.[61] *The Cape of Good Hope Literary Gazette* het in 1830 as maandblad in Kaapstad ontstaan onder redaksie van A. J. Jardine, bibliotekaris van die Openbare Biblioteek. Hy het dit beskryf as „devoted exclusively to literature, criticism, science, and the advancement of useful knowledge". Aan die meeste aspekte van die Kaapse lewe is aandag gegee.[62] In die tweemaandelikse *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* kon Hollandse lesers vanaf 1824 heelwat kulturele, wetenskaplike en historiese leesstof vind. Die eerste redakteur was die Kaapse predikant ds. Abraham Faure, wat in Engeland en Nederland opgevoed is, maar tog 'n gebore Kapenaar was. In dié tydskrif kon Kaapse kulturele leiers en intellektueles sewentien jaar lank 'n publikasiemedium vind. Die wydbelese ds. Meent Borcherds, die predikant van Stellenbosch, een van die eerste digters van die Kolonie, met 'n kennis van musiek, het vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing argivale bronne benut om onder meer 'n geskiedenis van die Europese volksplanting aan die Kaap hierin te skryf. Heelwat opvoedkundige en godsdienstige literatuur verskyn in dié tydskrif, wat ook 'n sterk historiese sin openbaar. Lang gedeeltes uit Jan van Riebeeck se Dagverhaal word gereeld daarin opgeneem; en in die inleiding daarby word verklaar dat, terwyl die geskiedenis van ander volke help om die gees te beskaaf en die verstand te voed, die vaderlandse geskiedenis van veel meer belang is. Die Afrikaanse jeug toon juis hier die grootste onkunde: „Hetgeen hy daarvan weet, heeft de overlevering zeer gebrekkig aan hun medegedeeld".[63] Daar word 'n geskiedenis van Stellenbosch gepubliseer. Reeds in 1824 word afgedruk, in Frans en in Hollands, die „Reglement aan de Fransche Vlugtelingen voorgeschreven toen zy naar de Kaap kwamen" en kort daarna word 'n lang gedig geplaas getiteld „De edelmoedige Zuid-Afrikaan Wolraad Woltemade."[64]

Oor die Nie-Blankes van Suid-Afrika en hul geskiedenis word heelwat geskryf. In die *South African Almanack and Directory* vir 1830, wat ook in

61. A. M. L. Robinson, *None daring to make us afraid*, Kaapstad, 1962; L. H. Meurant, *Sixty Years ago*, Faks.-herdruk, Kaapstad, 1963. Mnr. H. C. Botha het die rol van adv. C. J. Brand o.a. as redakteur van *De Zuid-Afrikaan* beskryf in *Die Rol van Christoffel J. Brand in Suid-Afrika 1820–1854* (ongep. M.A.-verh., Unisa, 1973).
62. *S.E.S.A.*, III, p. 52.
63. *N.Z.A.T.*, I, 2, Mei–Junie 1824, p. 103 vlg. (aanhaling op p. 104).
64. *Ibid.*, I, 3, Julie–Aug. 1824, pp. 185–187, 225–229 en 307–310. Kyk ook *S.E.S.A.*, II, pp. 424–425.

Kaapstad die lig sien, verskyn „Notes on the state of the Aborigines of South Africa, at the time of its discovery, and the transactions between them and the Europeans who visited their shores before Van Riebeeck founded the Colony."[65] Talle temas rakende Nie-Blankes word, soms met heelwat insig, ontleed, soos die kontemporêre studie oor die Katrivier-nedersetting.[66] Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika het aanleiding gegee tot aanhoudende dispute en hewige polemieke op die vooraand van die Groot Trek, wat 'n uitgebreide nuusblad-, pamflet- en boekeliteratuur in die lewe geroep het. Tussen *De Zuid-Afrikaan* en *The South African Commercial Advertiser* het dit veral fel gewoed. Die Blanke intellektuele was deeglik bewus van die problematiese teenwoordigheid van die Nie-Blanke in en om die kolonie aan die suidpunt van Afrika.[67]

Heelwat filantropiese en humanitêre verenigings het nou in Kaapstad ontstaan: die „Bible Union" (1818), die „Ladies' Benevolent Society" (1820), die „Philanthropic Society" (1828), die „Saint Andrew's Friendly Society" (1830), die „Tract and Book Society" (1831) en die „Society for promoting Christian Knowledge". Naas die Suid-Afrikaanse Kollege, wat in 1829 gestig is, is ook 'n aantal ander opvoedkundige inrigtings nou opgerig, soos die „South African Infant School" en „The School of Industry".[68]

Onder Europese invloed het die drama en toneel, asook die musieklewe, in Kaapstad opgebloei. Die moederstad was die strategies geleë tussenhawe tussen Londen en Kalkutta enersyds en tussen Frankryk en die eilande Mauritius en Bourbon andersyds. Deurreisende geselskappe en kunstenaars kon dikwels in Kaapstad optree. Wat uitvoerings van deurreisende kunstenaars betref, was 1833 'n bloeijaar. Komponiste wat oorsee opgelei is, het in Kaapstad musiek geskrywe. Onder die vernaamste was eers die Deen Frederik Carl Lemming en later die bovermelde Fransman Charles Etienne Boniface. Die Hollandse toneel van Kaapstad het weer staatgemaak op gangbare toneelstukke wat in die Nederlande opgevoer is. Heelwat luister is aan die musieklewe in Kaapstad gegee deur professionele Britse militêre musici wat gereeld in die openbaar en ook by offisiële en semi-offisiële geleenthede opgetree het.[69] Talle kortstondige Britse besoekers uit Indië het aanmerklike steun aan die kultuurlewe van Kaapstad verleen en soms 'n intellektuele stimulus daaraan verskaf.[70] Dit was ook in die Kaapstad van 1836 dat J. J. de Kock sy *Verzameling van Hollandsche Liederen*, 'n liederboek sonder melodieë, gepubliseer het.

Sowat 500 myl ooswaarts het Grahamstad en nabygeleë dorpies onder in-

65. Pp. 325–335.
66. *Ibid.*, pp. 233–237.
67. Die Britse filantropiese beleid en sy toepassing is herhaaldelik in hoofartikels bespreek.
68. Vgl. die *S.A. Directory and Almanack* vir 1834, pp. 171–182.
69. J. Bouws, *Die Musieklewe van Kaapstad 1800–1850*, pp. 42–63, 67–72 en 85–96; F. C. L. Bosman, *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, I (*1652–1855*), p. 56 vlg.
70. Hattersley, *An illustrated Social History of South Africa*, pp. 90–91 en 153; Bouws, *Die Musieklewe*, pp. 54–63.

vloed van die Setlaars op die vooraand van die Groot Trek 'n kulturele opbloei belewe. Hoewel nog dikwels deur grensonrus geteister, het die Britse kulturele en intellektuele lewe tog in 'n verbasende kort tyd daar stewig wortel geskiet. Opvallend was die Britse argitektoniese styl, die eentalige koerant *The Graham's Town Journal*, die groot verskeidenheid van Engelse kerke en skole, wat sterk draers was van Britse kulturele goedere. Grahamstad en omgewing was 'n sterker gekonsentreerde Britse kulturele en intellektuele sone as dié van die Kaapse Skiereiland, waar kultuurbewuste Afrikaners en hul geesgenote nog sterk verteenwoordig was. Deur sy eie hawe, Port Elizabeth, het produkte van die moederland se kultuur – die boeke, tydskrifte, musiek, kunsafdrukke – die Setlaar se kulturele sone bereik. Langs dieselfde waterweg het oorsese geestestrominge soos Matigheids- en Afskaffersverenigings hulle bereik. Op Grahamstad was 'n goeie biblioteek, die nuutste oorsese boeke en tydskrifte is gereeld te koop aangebied, en musici het daar opgetree. Volgens tipiese Britse sportpatroon, is een of gewoonlik twee keer per jaar perderesies gehou, waarmee intense ander sosiale bedrywighede gepaard gegaan het. By geleentheid is ook skyfskietkompetisies georganiseer waardeur die boerebevolking nog nouer in dorpsbedrywighede betrek is[71]

Dieselfde patroon van kulturele en intellektuele lewe in die Grahamstadse streek word ook, hoewel op 'n meer primitiewe wyse, in ander grensdorpe aangetref. Aangesien daar in die ander dorpies, soos hieronder uitvoeriger aangetoon sal word, gewoonlik slegs 'n handjievol ontwikkelde persone gewoon het, was die kulturele lewe daar oppervlakkiger. Maar die kulturele en intellektuele peil was baie afhanklik van die kaliber van plaaslike toonaangewende persone. Op Glen Lynden in die Baviaansriviervallei het die Skotse digter en joernalis Thomas Pringle vir 'n kulturele hoogtepunt gesorg. Nie alleen het Pringle die Kaapse Oosgrens op die Engelse letterkundige kaart geplaas nie, maar in daardie afgeleë grensoord is in 1830 reeds 'n uitleenbiblioteek van minstens 750 werke opgebou. Dr. F. G. van der Riet meen dat Pringle self baie van die ernstige en didaktiese boeke uitgesoek het volgens die behoeftes van die grensgemeenskap. „It was a library," gaan hy verder, „designed for people to whom education was something just as vital and as difficult of achievement as the crops for which they toiled, and to whom books were a precious link with the cultural heritage which they had left behind them on coming to this

71. In sy hoofartikels, sy Suid-Afrikaanse nuusberigte, sy aanbieding van oorsese nuus, sy korrespondensie, en in sy advertensies weerspieël *The Graham's Town Journal* die Britse kulturele en intellektuele lewe in die oostelike distrikte. Op 9 Okt. 1834 bv. adverteer Meurant en Godlonton boeke, tydskrifte, portrette en skryfbehoeftes wat pas uit Londen aangekom het. Vir die Matigheidsbeweging vgl. Muller, „Die Besoek van die Amerikaanse Oorlogsfregat ‚Potomac'," pp. 52–53 en 59–60.

72. Van der Riet, „An 1820 Settler circulating Library at Glen Lynden . . .", in *S.A. Libraries*, XIX, 4, April 1952, pp. 13–16 (aanhaling op p. 16). Vir Pringle se loopbaan en geskrifte kyk T. Pringle, *Narrative of a residence in South Africa*, Londen, 1840, en *The Poetical Works of Thomas Pringle*, Londen, 1839.

remote frontier settlement in the Eastern Province."[72] Op Graaff-Reinet het die pad- en pasbouer A. G. Bain uit 'n lewendige persoonlike belangstelling in die rotsformasies wat hy op sy omswerwinge aangetref het, in 'n vooraanstaande vroeë kenner van die Suid-Afrikaanse geologie ontwikkel.[73] Te Somerset het die Skotse medikus William Gill sedert 1829 lewenslank daarna gestrewe om natuurwetenskaplike en landboukundige kennis uit te brei, daarby die onderwys te bevorder, en het hy een van die stigters van die „Somerset East Reading Society" (1832) geword.[74]

Op die grensdorpe het Afrikaner-grensboerleiers wat later Voortrekkerleiers geword het, kulturele kontakte gemaak. Daar het hulle gewoonlik hul koerante, tydskrifte en boeke gekry, en daar het hulle die intellektuele wisselwerking ervaar wat hulle dieper laat nadink het oor hul grensprobleme en die groter probleme eie aan Suid-Afrika. Want 'n wyer horison het nou oopgegaan, 'n geografiese ruimte, na die noorde en noordooste; en daarnaas in tydsruimte. Daar is pogings aangewend om hul eie tyd in perspektief van die geskiedenis te sien ten einde dit beter te begryp. Hoe hulle daaroor gedink het en watter soort historiese sin hulle ontwikkel het, weet ons nie. Dit was 'n sombere tyd van skynbaar onoplosbare probleme waarin lesse in die geskiedenis uit hul voorouers se ervarings gesoek is om lig te kry oor watter weë gevind kon word om die haas ondraaglike toestand te probeer verbeter. Luister na 'n ander groep grensboere (waarvan baie dieselfde vanne gehad het as talle grensboere op die vooraand van die Groot Trek) toe hulle 40 jaar tevore ook in 'n krisis verkeer het. Hulle het op 16 April 1795 aan Sluysken oor die geskiedenis van die toenmalige Oosgrens geskrywe: „Is er ooyt zwaarder straf van God zelve over een land gedrygd als den honger, hoe meenige droevige geschiedenis leverd ons de historien niet uyt, wat voor jammer en elende is er niet uit het sweerd van hongersnood geresen en ontstaan, het is ons genoeg bekend, wij leven niet als de beesten, wy hebben ook liefhebberij voor de oude geschiedenisse om die te doorbladeren en de rampe na te speuren, die onze voorouders getroffen hebben, wat is door den honger en armoed niet al gebeurd; . . ." Hulle voorsien rowerye en 'n bloedbad en voeg by: „zal dat niet ten laatsten de droevigste gevolgen zijn, die ons ooyt de historien op en uit leveren zal – Het is tyd en meer als tyd dat zig een verandering en een verbetering op doet." Dan spreek hulle die hoop uit dat daar „onder den algemene volkstem zal nog wel mannen zijn, die het hijl van land en volk beoogt en ook verbeetering zal aanwijzen dat tot een spoedig herstel van den doelerende burgerstaat zou kunnen gebragt worden –"[75]

Op die Oosgrens op die vooraand van die Groot Trek was daar nòg die tyd

73. A. G. Bain, *Journals of Andrew Geddes Bain* (Lister red.), V.R.V. no. 30, Kaapstad, 1949.

74. *S.E.S.A.*, V, pp. 197–198.

75. V.C. 68: Brieven en Bijlagen van den Commissaris A. J. Sluysken, 3de en 4de deel, pp. 73 en 74. Die geskrif is onderteken o.a. deur Pieter Meyer, Hermanus Potgieter, Willem Prinsloo, de oude, W. seun, Koenraad Frederik Bezuidenhoud, Coenraad de

nòg die geleentheid om geskiedenis te skrywe: die inwoners was onder te intense druk besig met die maak van die geskiedenis om rustig die spore van die verlede te versamel, te verwerk en te beskryf. Hulle intellektuele bedrywighede is aktivisties gerig om ten beste aan te pas by 'n problematiese hede wat 'n beweging noodsaak na 'n hoogs onsekere toekoms.

Die Oosgrensdorp word gekenmerk deur sy isolasie. Hy is halfpad tussen die plaas en die stad, waarvan daar slegs een – Kaapstad – bestaan. Hy lê gewoonlik op 'n strategiese kruising van die weë (wat met die oog op grensverdediging aangelê is), moet self nie onverdedigbaar wees nie en moet genoeg water hê. Verder is hy aangelê in 'n deel van die Oos- of Noordoosgrens wat nog nie 'n dorp het nie. Op die uitgestrektheid van die Oosgrens is dit gewoonlik geen probleem nie: die probleem is dat daar lank nie genoeg dorpe aangelê kon word nie.[76]

Van die sandduine van Port Elizabeth op die kus van die Indiese Oseaan deur die bosse en woude van die kusvlakte strengel die sowat twaalf Oosgrensdorpe deur die Suurveld en oor die kusbergreekse deur die Karoo na die hoë binnelandse plato, waar Colesberg vlak by die Grootrivier lê. Graaff-Reinet (1785) is verreweg die oudste, en is die grootste in die Karoo, maar Grahamstad (1812) groei, as sentrum van 'n digbevolkte Setlaardistrik, verreweg die vinnigste. Port Elizabeth is nog 'n dorpie, maar begin ook reeds as die hawedorp van die Oostelike distrikte vinnig te groei. Dit lê skaars twintig myl van die groter en sterker gevestigde Uitenhage (1804). Verder noord lê Somerset (wat later Somerset-Oos word om hom te onderskei van Somerset-Wes by Valsbaai) en direk noord lê Cradock. Graaff-Reinet, nou nie meer eintlik 'n Oosgrensdorp nie, lê weswaarts van Cradock; terwyl Colesberg 'n hele ent noordwaarts is. Benewens klein Setlaar-nedersettings suid en oos van Grahamstad, lê Fort Beaufort as noordelike vesting suid van die Katberg as bewaker van 'n moeilike, bergagtige seksie van die Oosgrens.[77] Die Katrivier-nedersetting, wat by wyse van 'n eksperiment in 1829 vir Hottentotte aangelê is, is 'n heel besondere soort nedersetting met gekonsentreerde plasies vir persoonlike bewerking. Daar is etlike duisende Hottentotte en Basters, maar Bantoe-elemente, waarvoor dit nie bedoel is nie, het ook ingekom. Terwyl die Hottentotte daar 'n selfstandige bestaan moet maak as kleinboere, sorg predikante,

Buys, Johannes Hendrik de Lange, J. seun, Evert Frederik Potgieter, F. seun, Frederik Bezuidenhoud, Johannes Abraham Landman en Willem Landman (p. 82).

76. Vgl. Kaart van 1836. Vir die rol van die Nie-Blankes in die grensdorpe, kyk Hoofstuk III.

77. Besonderhede oor die Oosgrensdorpe word in die Kaapse Blouboeke en Almanakke kort voor die Groot Trek gegee. Kyk ook Theal, *R.C.C.*, XIX, pp. 64–67 en 71; XX, p. 401 vlg.; XXV, pp. 130–131 en 230–231; XXVII, p. 357; XXVIII, pp. 334 en 366–367; XXX, pp. 145 en 331; XXXV, p. 81. J. C. Chase behandel aspekte van die ontwikkeling van die grensdorpe in sy *Cape of Good Hope . . .*, pp. 16, 30–31 en 39. Vir dorps- en gemeentelike geskiedenis kyk my Literatuur- en Bronnelys, I (ii).

sendelinge en onderwysers vir hul geestelike en kulturele opheffing.[78] Noord van Cradock en oos van Colesberg is 'n uitgestrekte deel van die Noordoosgrens sonder 'n dorpsentrum.

Op die vooraand van die Groot Trek sou dié gebrek aan 'n administratiewe sentrum sterk gevoel word. Die swakheid in die geweldig uitgestrekte distrik Somerset, wat sowat 200 myl ver tot by die Oranjerivier strek, het tot baie Grensboerklagtes gelei en het die owerheidsbeheer oor dié onrustige grensstreke verswak.[79]

Die grensdorp is 'n administratiewe sentrum met 'n groepie amptenare wat onderhorig is aan hoër amptenare, gewoonlik te Grahamstad of Kaapstad. Die grensdorp is ook 'n verdedigingsentrum, en as sodanig is dit die setel van 'n militêre mag onder Britse offisiere. Gewoonlik is daar 'n afdeling ruitery wat vinnig oor die uitgestrekte omliggende platteland kan beweeg. Die grensdorp is verder 'n godsdienstige en kulturele sentrum, met minstens een predikant en een onderwyser – albei in regeringsdiens. Die beperkte gemeenskap moet op hul beste kragte staatmaak om verskillende soorte vaardighede te beoefen. Vir spesialisasie is daar weinig geleentheid – soos hieronder verder verduidelik sal word.[80] Met inagname van 'n skerp kleurskeidslyn en taalversperrings, wat praktiese probleme oplewer, kan alle lede van die dorpsgemeenskap dieselfde kerk en skool bywoon.[81]

Hoewel 'n kulturele ligsentrum, het die kulturele lig in die grensdorp nooit

78. *The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström*, Faks.-ed., Kaapstad, 1964, II, p. 358 vlg.; J. S. Marais, *The Cape Coloured People*, pp. 216–227.
79. Vgl. Hoofstuk V hieronder en Kaart van 1836.
80. Soos in die Amerikaanse Weste, was owerheidsbeheer dikwels ondoeltreffend. Baie het afgehang van die inisiatief, invloed en daadkrag van die amptenaar wat plaaslik in bevel was. Om die heterogene elemente op die grensdorp verstandig te hanteer, het hy die wysheid van 'n Salomo nodig gehad. Hy moes met karige middele die temperament van die grensbewoner reg opsom en regulasies met realisme toepas. Soms is 'n onmoontlike las op een beampte gelê. Waar dieselfde amptenaar bv. hofsittings moes hou, plase moes inspekteer en tegelyk sy distrik doeltreffend administreer, *moes* sekere pligte nagelaat word en ontevredenheid oor vertragings ontstaan. Vgl. bv. L.G. 525: W. R. Thompson en ander memorialiste aan Stockenstrom, Grahamstad, 18 April 1838, met nota van Stockenstrom en bylaes, verslag van W. M. Edge, 24 April 1838, gevolg deur D. Campbell aan D'Urban, 16 Okt. 1835, deur Campbell aan Hudson, 8 Jan. 1836 en 29 Maart 1837, pp. 234–287. Die meeste grensbeamptes was konsensieus en het hul pligte met 'n roepingsbewustheid uitgevoer, wat oorgedra is aan en gedeel is deur veldkommandante en veldkornette. As verteenwoordigers van kerk en staat op die voorposte van die beskawing sou slegs 'n buitengewone sameloop van moeilike omstandighede die bestaande orde, wat die byna chroniese onrus wat sedert die begin van die eeu met moeite opgebou is, in gevaar stel. Vgl. die bespreking van die oorsake van die Groot Trek en die propagering van die Trekgedagte in latere hoofstukke.
81. Vir die kleurskeidslyn in die Uitenhaagse openbare skool, wat 'n gemengde skool nie eens onder dieselfde dak sou duld nie, kyk L.G. 278: no. 115, Van der Riet aan Hudson, 6 Junie 1837, p. 175 vlg. In sendingskole kon Engelstalige Blanke kinders nie tesame met Hollandstalige Gekleurde kinders onderrig word nie.

baie skerp gebrand nie. Daarvoor was die grensdorp te afgesonderd en die lewe daar te aktivisties en prakties ingerig; en sy bestaan soms nog te onseker. In die grensdorpe was in die reël slegs enkele klein biblioteke aanwesig, gewoonlik verbonde aan 'n kerk of skool, òf deur 'n groep private persone, òf deur 'n private individu, ingerig. Die ander boeke (wat nie in 'n Grahamstadse boekwinkel was nie) was in die besit van die predikant, die onderwyser, die sendeling, die mediese dokter, die magistraat, die prokureur of die wetsagent. Op die hele Oosgrens, met sy sowat 'n dosyn dorpe, is slegs 'n enkele dun koerantjie, *The Graham's Town Journal*, eentalig Engels, twee keer per week gepubliseer in die Setlaarstad. Dit het slegs somtyds enkele Hollandstalige advertensies geplaas. Min van die Afrikaner-grensboere kon Engels lees, selfs nie eens die meeste van die veldkommandante en veldkornette nie.[82] Aangesien *De Zuid-Afrikaan* (net soos die Grahamstadse koerant, 'n nuusblad wat twee keer per week verskyn het) en *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (wat tweemaandeliks die lig gesien het) in verafgeleë Kaapstad verskyn het, het albei eers weke later die grensdorpe bereik. Mettertyd het nuus uit die westelike distrikte en van oorsese lande tot die Oosgrensdorp deurgedring; en so kon sy gemeenskappe tog daarvan kennis neem.[83] Baie van die Afrikaners in die grensdorpe het familie in die westelike distrikte agtergelaat met wie hulle gekorrespondeer het. Daar moet onthou word dat die grensdorp en sy plattelandse omgewing die rigting was waarheen heelwat persone in die vroeë negentiende eeu uit die westelike distrikte beweeg het. Daar was onder meer goedkoper grond, geleenthede om 'n beter bestaan te maak en winkende avonture wat hulle aangetrek het. So het bekende lede van die Retief- en Uys-families ooswaarts verhuis en daar grensboerleiers geword.[84]

Die grensdorp en sy omgewing (die platteland en 'n aantal verspreide kerkplase, wat reeds besig was om as nuwe grensdorpe te ontkiem)[85] word verder gekarakteriseer deur sy selfstandige gees en ongeduld met inmenging in sy sake deur regeringsbeheer vanaf die verafgeleë Kaapstad of die veel nader geleë Grahamstad. Inderdaad, teen die laat agtiende eeu was die oudste grensdorpe, Swellendam en Graaff-Reinet, reeds die setels van opstande teen hul afgeleë regering. Die grensbewoners het meer grensdorpe begeer, maar tegelykertyd

82. In vergelyking met die kulturele ontwikkeling op die grensdorpe van die Verenigde State, was die Kaapse Oosgrensdorpe beslis agterlik. Vgl. R. B. Nye, *The Cultural Life of the New Nation, 1776–1830*, New York, 1963.
83. Hoewel op 'n agterblad in fyn druk geplaas, en minstens vier maande oud, het die Hollandstalige periodieke publikasies tog kontemporêre Europese en Noord-Amerikaanse nuus aan hul lesers opgedis.
84. Vgl. o.a. Piet Retief se private brief, vermoedelik vroeg in 1836 aan sy familie in die westelike distrikte gerig, gepubliseer in *De Meditator* van 15 Mei 1838.
85. Vir die kerkplaas te Olifantshoek, wat in latere jare in die dorp Alexandria sou ontwikkel, raadpleeg Muller, „Veertig Jaar uit die lewe van K. Landman", in *Hist. Studies*, 4de jg., 1, Maart 1943, p. 19 en mev. J. A. S. Oberholster, *Die gemeente Alexandria*, Alexandria, 1954; L.G. 17: C. Bond aan Hudson, 20 Maart 1835, pp. 194–197.

was die dorpe tog in sekere sin die simbool van die grensboer se afhanklikheid van sy owerheid. Vanselfsprekend was daar 'n behoefte aan beter burgerlike administrasie, tesame met meer godsdienstige en militêre fasiliteite. Deurdat die owerheid paaie, passe, brûe en forte na en van die dorpe voorsien en met moeite laat onderhou het, het dit die vervoer en ordelike verspreiding van allerlei benodigdhede uit en na die hawestede verseker.[86] Langs die weë, van die hawens na die verste grensdorpe, is al die basiese benodigdhede vervoer om 'n gemeenskap op Wes-Europese beskawingspatroon in stand te hou: voedsel, kleding, wapens en ammunisie, tesame met die nodige middels om landbou en veeteelt te beoefen. Van oorsee of van die westelike distrikte, het die koopman of groothandelaar die ware ingevoer en aan talle kleinhandelaars, winkeliers of swerwende smouse op die dorpe voorsien. Van daar het die smouse dit verder versprei en het kopers van heinde en ver gekom om op die dorp inkope te doen. Op geskikte plekke is sekere winkeliers deur die owerheid toegelaat om kruithuise in te rig. Uit die kruitmagasyne op die dorpe is dié essensiële artikel voorsien en oor die grensdistrikte versprei. Streng beheer is uitgeoefen oor alle buskruitverkope, asook oor die verkoop van lood en gewere. Omdat wapens en ammunisie lank reeds oorkant die grens sterk in aanvraag was, en gewoonlik gebruik is om waardevolle en besonder gesogte ivoor mee te koop, is streng maatreëls getref dat dit nie sonder permitte in noemenswaardige hoeveelhede oor die grens geneem word nie. Belonings is uitgeloof aan informante as smokkelaars skuldig bevind sou word; berede patrollies is uitgestuur om vermeende oortreders na die grensdorp te begelei om voor die magistraat te verskyn. Op die dorpsmarkte (en by uitstek op dié van Grahamstad) is plaasprodukte tesame met produkte van handelaars se ruilekspedisies en jagtogte te koop aangebied. Afslaers het ook op die dorpe groot hoeveelhede goedere opgeveil. Alle betekenisvolle ekonomiese en finansiële instansies was op die grensdorpe in enkele persone of inrigtings gekonsentreer. In die reël was daar bv. nie aparte bankinstellings en assuransiemaatskappye nie: gewoonlik is deur agentskappe gewerk.[87]

86. In die Kaapse Oosgrensdistrikte was paaie swak en passe moeilik; terwyl daar glad geen waterweë was (soos in Noord-Amerika) om die vervoer aan te vul nie. Dit sou die isolasie van die eensame grensdorp nog lank handhaaf. Wat die Amerikaanse grensstede betref, verklaar R. C. Wade: „The key to this economic growth was transportation. It determined the pattern of settlement, the direction and volume of commerce, and the ease and speed of the occupation of the West." (kyk *The Urban Frontier . . .*, University of Chicago Press, 1967, p. 39). Van die vernaamste paaie in die oostelike streke word aangetoon o.a. in Plan of the North Eastern Frontier of the Cape of G.H. compiled from sketches made in 1822–1824 by Capt. Bonamy. Kyk M3/88, asook M2/133, M2/134 en M3/90 (K.A.). Vgl. ook Kaarte 831 en 832 dekkende dele van die Graaff-Reinetse distrik (K.A.).

87. Vgl. o.a. C.O. 2749: no. 94, P. McRosty aan H. B. Hamilton, 15 Aug. 1834, met bylae; *De Zuid-Afrikaan*, 2 Mei 1834 (hoofartikel). Kyk verder S. D. Neumark, *Economic influences on the South African Frontier 1652–1836*, Stanford Univ. Press, 1957, p. 145 vlg; *G.T.J.*, 5 Sept. 1833. Vir 'n afbeelding van die Grahamstadse dorps-

Op die afgeleë, klein grensdorpe was die lewe vir jong mense baie eensaam en eentonig. Gesinne kon hulle nog in eie kring besig hou, maar alleenlopende kêrels het, behalwe die jag, baie min gereelde ander vermaaklikhede gehad. Pogings is deur ondernemende handelaars en amptenare aangewend om vermake daar te organiseer. Naas jagtogte in die distrik, was perderesies 'n soort vermaak wat baie gewild was. Een of twee keer per jaar is, volgens Britse patroon, byna 'n week lank 'n hele reeks resies, gewoonlik met plaaslike perde, gehou. Perderesies was 'n vername punt van kontak tussen die Afrikanerboer, die vaste dorpsbewoner en die offisier wat tydelik op die dorp geplaas is. Nie slegs is die snelheid en uithouvermoë van hul perde getoets nie, maar ook hul eie vaardigheid as ruiters, of die vaardigheid van 'n bediende of 'n ander daarvoor aangewys, is voor die hele gemeenskap op die proef en ten toon gestel. Gedurende dié week het die opwinding hoog geloop: die grensdorp het lewe gekry. Strawwe wedywering was daar om die pryse deur verskillende instansies belowe en intense belangstelling by die meeste dorpsgenote. Gewoonlik was daar 'n jolige saamkoms in 'n hotel wat tot laat die nag aangehou het. Vir die belangstellende Hottentotte is 'n vark glad geskeer, vet gesmeer en toe losgelaat om gevang en huis toe geneem te word. Behalwe die jaarlikse of halfjaarlikse resies was daar by geleentheid skyfskietkompetisies. Voor almal kon die offisier, die dorpenaar en die boer dan hul vaardigheid met 'n vuurwapen demonstreer. So is die gladde hantering van die perd en die geweer, wat albei op die grens betekenisvol is, periodiek op sportbyeenkomste getoets.[88] Gedurende die lang jaar is verdere plesier en jolyt gesoek op kermisse wat enkele kere op sommige dorpe gehou is – ten spyte van die strengere Skotse Presbiteriaanse predikante, wat hul ook teen perderesies uitgespreek het. Nie slegs private vermanings is geuit nie, maar organiseerders van resies en kermisse (waar daar gedans is) moes soms sonder aansiens des persoons die afkeur van die kansel aanhoor.

Op 13 Desember 1826 rapporteer landdros McKay uit sy kantoor op Somerset aan die Hoofregeringsekretaris te Kaapstad oor ds. Morgan se optrede. „Soon after the arrival of Mr. Morgan at Somerset" – so skryf McKay – „he commenced by having recourse to undue interference in my opinion with innocent amusement – on the Sunday before the Races and the Fair he declaimed very much from the pulpit against the former amusement," wat hy as skan-

mark kyk T. Baines se skildery „Mr. Hume's waggons with Ivory and Skins from the interior of Africa on Grahamstown Market, 1850", in the Albany Museum, Grahamstad. Onder meer is dit afgedruk in *O.H.S.A.*, I, teenoor p. 242. Vir marktoestande op Somerset(-Oos) sien G. E. Joseph se brief aan D. Campbell, Somerset, 24 Jan. 1829, in Ay. 8/80, alles ongenommer.

88. Ay. 8/80: P. R. Marillier aan R. Godlonton, Somerset, 6 Mei 1829, ongenommer: „we are very dull here, with exception of a few lampoons attacking some of our conspicuous characters, some pretty good, others wretched"; *S.A.C.A.*, 16 Mei 1829 (berig oor Uitenhage Races, 21 April 1829); *G.T.J.*, 10 Feb. 1832, 9 Mei 1833, 1 Aug. 1833, 11 Sept. 1834, 9 Junie 1836 en 13 Julie 1837.

dalig en wreed veroordeel het. Gedurende die kermisweek het ds. Morgan, volgens die landdros, „interfered with the amusements of the people in a manner which I do not think can be justified . . ." Daarna het McKay verneem „that Mr. Morgan had taken a very bold and direct step to interfere with the innocent amusements of the place, vizt. by officially visiting several Families and advising such as danced to abstain from partaking of the Sacrament". En die volgende Sondag het ds. Morgan van die preekstoel gesê „'there are in this congregation, those who would serve God and the Devil at the same time' ". McKay kla nou dat hierdie aanmerking o.a. op hom gemik was, „being one of those who encouraged a little innocent society in the place . . ."[89]

Ongetwyfeld was dit op die grensdorp waar die grootste mate van kontak tussen die talle uiteenlopende bevolkingselemente plaasgevind het. Afrikaners en Engelssprekendes het mekaar daar op die bovermelde terreine ontmoet en beter leer ken. Nie alleen het hulle mekaar se taal aangeleer nie, maar hulle het gewoond daaraan geraak om gemeenskaplike probleme te bespreek en te probeer oplos. Probleme was daar genoeg. Die owerheid se beleid teenoor die Nie-Blankes – die Xhosas, die Hottentotte en die nuwe Swart immigrante van oor die grense – het heelwat proteste uitgelok. Die arbeidsvraagstuk was altyd by hulle. Daar was hul strewe na 'n groter mate van selfbestuur, waaroor hulle hul periodiek uitgelaat het. Vergaderings kon somtyds oor sulke onderwerpe belê word en petisies opgestel, onderteken, en na die betrokke instansies deurgestuur word. Aangesien heelwat boere dorpshuise gehad het en die meeste dorpsbewoners ook een of ander tyd 'n plaas besit het, het hulle saamgekom om landbouverenigings op die dorp te stig. Op dié verenigings kon hulle gemeenskaplike belange soos die teel van opregte perde of merino's bespreek.[90]

Dit was ook op die dorp dat die distriksinwoners in 'n gemeenskaplike kerk, wat dikwels die taalgrense oorskry het, kom aanbid het. Met die Nagmaalsviering was daar oor 'n hele paar dae 'n buitengewone konsentrasie van boere op die dorp. Op Saterdae is dan dikwels sake gedoen (maar met die teenkanting van 'n predikant soos ds. Morgan van Somerset); en 'n druk sosiale verkeer het plaasgevind. Op die dorp is dan allerlei kontrakte voor 'n notaris gesluit en dienskontrakte is voor 'n magistraat of sy gemagtigde aangegaan.[91] P. R. Marillier, klerk in die kantoor van die siviele kommissaris van Somerset (-Oos), skryf op 7 Julie 1828 aan 'n amptenaar en vriend te Grahamstad uit sy standplaas: „This place is excedingly (*sic*) dull, a little news from you now

89. C.O. 2683: no. 162, W. M. MacKay aan sir R. Plasket, pp. 5031–5039, met bylaes (aanhalings op pp. 5031–2 en 5034–5; hoofletters gewysig). Uit Dreyer se *Gedenkboek van Ned.-Geref. Kerk Somerset-Oos,* blyk dit dat die landdros en die predikant („'n strenge Puritein") nooit goed gestryk het nie (pp. 18–20). Vgl. ook Somerset-Oos 1/1: Kerkraadsnotule, 1826–1866, dekkende 31 Jan. – 23 Okt. 1826, pp. 1, 3, 6, 7, 9 en 15 (K.K.A.).

90. C.O. 48/162: D'Urban aan Glenelg, 22 Okt. 1835, met bylaes, Graaff-Reinetse petisie, 13 Aug. 1835, p. 62 vlg.; Thom, *Geskiedenis van Skaapboerdery,* pp. 68–70.

91. Somerset-Oos 1/1: Kerkraadsnotule, 1826–1866, 15 Aug. 1826, p. 7 (K.K.A.).

and then if you have any, will be welcome, we seldom even see the Colonist, and never an English newspaper; . . . I have not been able yet to afford a horse, saddle and bridle . . . therefore I have no manner of amusement, *but to be at the office;* there have been during Saturday, yesterday and today many Boers families with their waggons etc. for the Nacht-Maal, which made the place a little gay but they are now all gone".[92]

Talle hofsake is in die magistraatshof of in die rondgaande hof afgehandel. In so 'n klein geïsoleerde gemeenskap het heelwat periodieke twiste ontstaan en heelwat skinderstories rondgegaan. Mense wat met 'n basiese plattelandse uitkyk hulself ietwat onnatuurlik saamgehok gevoel het, sou soms geneig wees om in wrywing saam te lewe. Maar positiewe, konstruktiewe optrede was daar ook. Naas die predikant en die sendeling het lekewerkers aan die kerstening en opvoeding van Hottentotte, Bantoes en Boesmans meegedoen. Matigheids- en Afskaffersverenigings is gestig, nie alleen om die misbruik van sterk drank onder Blankes te bestry nie, maar veral onder die Hottentotte en Basters wat nie uit die kantien kon wegbly nie. Kontemporêre kunstenaars het lewendige uitbeeldings nagelaat van plesierige maar besope Hottentotte, in flenters geklee, wat al hul geld uitgedrink het. Soos reeds in Hoofstuk III aangetoon, kla talle reisigers oor die onbetroubaarheid van die aan drank verslaafde Hottentotte en Basters op die grensdorpe. Soms moet hulle in 'n passiewe toestand soos vrag op die ossewa gelaai word om hulle so gou moontlik uit die versoekinge van die kantien te kry.[93]

Op die grensdorp met sy heterogene bevolking in die kleine, was Afrikaans die algemene omgangstaal, en Nederlands die skryftaal, hoewel Engels in die regeringskantore vinnig besig was om veld te wen. Inkomende briewe van hoër beamptes te Grahamstad en Kaapstad was gewoonlik in Engels, met amptelike kennisgewings in Nederlands en Engels. Die korrespondensie uit die omliggende platteland was in Hollands – 'n vorm êrens tussen Afrikaans en Nederlands – nie slegs van die gewone grensboere nie, maar ook van verreweg die meeste veldkommandante en veldkornette. Die Hollandse briewe en rapporte kon moeilik vertaal word en het die karige beamptekring dikwels grys hare gegee. Soms was 'n oorwerkte beampte verplig om uit sy karige salaris self 'n vertaler te huur. In teenstelling met Engelstalige Grahamstad in die Setlaarsdistrik Albanie, en die verre Kaapstad, waar eentalige Imperiale beamptes gewoonlik gewerk het, was Hollands in die grensdorp op die vooraand van die Groot

92. Ay. 8/79: Papers rec. from misc. private individuals and bodies, 1828, alles ongenommer (hoofletters en punktuasie effens gewysig); vgl. verder S.S.E. 1/1: Minutes of meetings of Landdrost and Heemraden, 1820–1828, Cradock, 2 Julie 1825, alles ongenommer.

93. *S.A.C.A.*, 28 Des. 1831; *Missionary Notices, etc.*, 1835–1837, no. 263, Nov. 1837, joernaal van eerw. R. Giddy, 18 Maart 1837, pp. 559–560; Harris, *Wild Sports* (1963), pp. 9–10 en 23–24; Smith, *Diary*, I, p. 57. Vgl. ook die lang lys illustrasies opgeneem deur R. F. Kennedy in sy *Catalogue of Pictures in the Africana Museum*, V, pp. 183–184.

Trek nog in 'n toonaangewende posisie. Daarsonder kon die Britse owerheid glad nie die grensdorp, en deur hom, die grensdistrik administreer nie. Nieteenstaande angliserende beleidsverklarings reeds jare tevore, is Hollands nog ruimskoots daar gebruik. Vandaar dat 'n mens selfs ou dorpsbewoners soos Piet Retief en Gert Maritz kry wat Engels skynbaar nooit volkome meester word nie. Engels kon hulle verstaan en lees, waarskynlik kon hulle dit ook redelik skryf, maar om 'n ietwat ingewikkelde betoog daarin af te steek – dit sou nie so maklik gaan nie. Dieselfde geld vir Piet Uys, hoewel hy as resiesperdeienaar en as burgeroffisier die vriend van baie Britse offisiere was. Terwyl op die platteland, buitekant Albanie, slegs enkele Engelssprekendes gewoon het, was op die meeste Oosgrensdorpe (selfs van die kleinstes ver op in die Karoo) 'n hele aantal Engelstaliges woonagtig. Baie beroepslui was Engelssprekend, maar hulle kon Afrikaans met hul kliënte praat. Wanneer dit egter by die opstel van dokumente gekom het, het die Engelstalige feitlik altyd die professionele taal gebruik waarmee hy vertroud was.[94]

'n Hele paar jaar voor die Groot Trek is daar reeds tekens dat Engels algaande veld begin wen ten koste van Afrikaans-Hollands; toe die Groot Trek duisende Afrikaners uit die Kolonie noordwaarts voer, sou die posisie van Engels in die Oosgrensdorpe verder bevorder word.

Op die vooraand van die Groot Trek was daar onmin en ontevredenheid onder die groot meerderheid van die bevolkingsgroepe in die Kaapkolonie. Hoofsaaklik, maar glad nie uitsluitlik nie, was dit te wyte aan sekere rigtings wat die Britse beleid ten opsigte van die Kolonie ingeslaan het.

Waar die Kaapkolonie nou in 'n moeilike oorgangsperiode verkeer het, en die Britse owerheid steeds sterk daarna gestrewe het om beheer oor alle sake te behou, word blaam lig, en ten regte of ten onregte, op die regering gelê. Die beleid van die regering om die buitekoloniale bedrywighede van sy onderdane te beperk, is ongewild; want daar lê 'n onbeperkte hinterland oop vir die ondernemer wat geesdriftig noordwaarts kyk na 'n gesonde, aantreklike Hoëveld met grotendeels onbekende, maar ooreenkomstig oeroue Kaapse drome, met bes moontlik enorme moontlikhede.

Wat die Britse beleid ten opsigte van die Afrikaner-grensboer presies was, en hoe laasgenoemde daarteenoor gereageer het, sal ons in detail in die volgende twee hoofstukke naspeur.

94. G.H. 23/13: Conf., Napier aan Russell, 8 Sept. 1841, p. 252; C.O. 2695: Conf., no. 140, Stockenstrom aan Hoofregeringsekr., 30 Nov. 1827, ongenommer; L.G. 270: Ziervogel aan Hudson, 6 Jan. 1841, pp. 5–6; L.G. 277: no. 12, Van der Riet aan Stockenstrom, 26 Sept. 1836, pp. 48–50; N. 158/1: Notarial Acts and Deeds passed before the Notary George Jarvis at Somerset, 1828–1829 (almal in K.A.). Uit Piet Retief se korrespondensie blyk dat hy Hollandse briewe self geskryf het en Engelse briewe gewoonlik net onderteken het. Vgl. o.a. Ay. 8/76A: Retief se briewe van 12 Julie 1825 (p. 234), 26 Sept. 1825 (p. 357); Ay. 8/81: Retief se tender aangaande padreparasies, in Engels, nie in sy handskrif nie, 18 Maart 1830, en Retief aan Campbell, 8 Junie en 7 Julie 1830 (alles ongenommer).